ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

4 Mei 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



Kyk wie's terug!-Bl 3

## Nog 'n BSB-man bieg oor moorde en terreur

JACQUES PAUW

LONDEN - 'n Gewese operasionele lid van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), wat betrokke was by verskeie operasies binne en buite Suid Afrika, het dié week in Londen met Vrye Weekblad in verbinding getree en wil voor die Harms-kommissie getuig.

Willie van Deventer was tot en met 1987 'n lid van die BSB en kan getuienis oor die volgende voorvalle lewer:

* Die moord op dr Fabian Ribeiro en sy vrou in Mamelodi in 1987. Van Deventer sê hy was nie een van die moordenaars nie, maar kan getuig oor die beplanning van die moord wat deur lede of agente van die BSB gepleeg is.

* Die moord op Peter Ntuli, 'n ANC-leier wat in Julie 1986 in 'n motorbom dood is. Van Deventer kan getuig oor die beplanning en uitvoering van die moord. Hy kan getuig dat dit 'n operasie is waarby daar samewerking tussen die veiligheidspolisie en die BSB was.

* Die ontsetting van genl Charles Sebe uit die tronk, en die ontvoering van Kwane Sebe uit die Ciskei.

* 'n Motorbomontploffing in 1983 in Botswana waarin Nat Serachi van die ANC dood is.

* 'n Motorbomontploffing in November 1985 by 'n hospitaal buite Gabarone in Botswana waarin verskeie onskuldige mense dood of beseer is.

* 'n Bom teen 'n huis van 'n werknemer van die Canadian University Services in Botswana in 1985 waarin mense dood en beseer is.

* Die moord op 'n vooraanstaande lid van die ANC in Botswana in 1986 toe die persoon deur drie lede van die BSB doodgeskiet is.

* Die BSB se betrokkenheid in Natal toe die weermag 'n eenheid spesiale soldate van Inkatha opgelei het. 'n Aanvanklike mag van 200 man is deur die weermag opgelei, onder meer in die vervaardiging van tuisgemaakte wapens.

Hy beskik oor die name van verskeie amptenare en soldate wat by die Inkatha-operasie betrokke was. Hy kan getuig dat van dié Inkatha-soldate steeds deur die weermag betaal word.

Van Deventer vertel dat die BSB tot en met sy bedanking 'n spesiale plaas naby Pretoria gebruik het waarvandaan verskeie operasies beplan en uitgevoer is.

Van Deventer kan getuig oor die nabetragting van minstens een operasie wat deur die hoof van die SA Weermag, genl Jannie Geldenhuys, op die plaas bygewoon is.

Van Deventer kan getuig oor gewese lede van die Rhodesiese veiligheidsmagte wat die afgelope jare op 'n kontrakbasis vir die weermag werk en by verskeie operasies saam met hom betrokke was.

Onder hul sorteer mense wat vandag van die mees gesoeke misdadigers in Zimbabwe is en by verskeie moorde en terreur in dié land betrokke was. Hy kan getuig dat hy onder meer saam met hulle in operasies in buurstate betrokke was.

Van Deventer bevind hom die afgelope twee weke in Londen. Hy het onder meer hierheen gekom om met regsverteenwoordigers by die Harms-kommissie te konsulteer.

Hy het laat vandeesweek met prokureurs en advokate in verbinding getree en na wat verneem word, is hulle besig om 'n verklaring voor te berei.

Van Deventer sê hy is in 1983 gewerf om vir die destydse Barnacle, die voorganger van die BSB, te werk. Hy was voorheen 'n gewone lid van spesiale magte. Hy was met sy bedanking 'n onder-offisier.

Van Deventer sê dat hy voor sy koms na Londen 'n regsverteenwoordiger aangestel het wat hóm gehelp het om 'n gedetaileerde weergawe van sy betrokkenheid by die BSB saam te stel.

Hy beskik oor dokumentasie en 'n bandopname wat by verskeie plekke en mense gelaat is.

Volgens Van Deventer glo hy dat die BSB bewus is van sy huidige posisie en kontakte in Londen. Sy regsverteenwoordiger is dié week gedreig oor sy verbintenis met Van Deventer.

Van Deventer het in 1987 die diens van die

Vervolg op bl 2

# 'Geen vrede sonder die Boere'



HENNIE SERFONTEIN en ELSABÉ WESSELS

GEEN blywende vrede in die land is moontlik sonder die aktiewe betrokkenheid van die Afrikaner in die skep van 'n nuwe, nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika nie.

Dit was die duidelike boodskap van die ANC middein sy grootste politieke deurbraak dié week.

Die vrees is egter ook uitgespreek dat die militante onbuigsaamheid van regsgesinde Afrikaners een van die gevaarlikste struikelblokke in die ontknoping van die huidige vredesproses sal wees.

In Kaapstad het die ANC-afvaardiging sonder uitsondering die rol van die Afrikanerbeklemtoon. Die beswering van Afrikanervrese is as 'n hoogste prioriteit uitgelig.

Die goue draad van versoening het herhaaldelik na vore getree in toesprake, onderhoude en private gesprekke.

Daar is so ver gegaan om regeringsondersteuners te bedank dat hulle hulself, ondanks regse druk, tot diepliggende politieke veranderinge verbind het. Steun is ook toegesê aan staatspresident FW de Klerk vir sy moedige politieke inisiatiewe en vreeslose verbintenis tot 'n onderhandelde politieke skikking.

Nêrens was die versoeningsboodskap so duidelik nie as in 'n spesiale ANC-verklaring in Afrikaans, op die vooraand van die gesprekke.

"Vir 'n lang tyd is die indruk geskep dat die ANC die vyand van blanke Suid-Afrika is. Op hierdie historiese oomblik wil die ANC uitdruklik verklaar dat hy blanke Suid-Afrikaners as volle Suid-Afrikaners, mede-burgers beskou."

Die uitslag van verlede jaar se algemene verkiesing is as 'n "positiewe gebaar" beskryf.

Vir die eerste keer in sy politieke loopbaan het die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, 'n gedeelte van sy toespraak in Afrikaans gemaak, en die Afrikaner die versekering gegee dat hul niks van die ANC nie te vrees het nie.

"Die samestelling van die afvaardiging van die ANC is 'n treffende bewys van sy verlange om alle burgers in

Vervolg op bl 3

*Die Groote Schuur-gesprek*

# En toe het niemand horings nie!

**HENNIE SERFONTEIN en ELSABÉ WESSELS peil die gemoedstemming van die twee spanne onderhandelaars in Kaapstad**

"EK dink binne minute het almal geweet dat niemand in die kamer horings het nie. Ons het almal besef dat hierdie ontmoeting jare gelede al moes plaasgevind het."

So het die ANC se hoof van buitelandse sake, Thabo Mbeki, Woensdag se eerste historiese ontmoeting tussen die ANC en die regering beskryf.

Saam het die twee spanne tot die besef gekom van die belangrikheid van gemeenskaplike betrokkenheid en vertroue, het hy gesê.

Dié opmerking was 'n treffende voorbeeld van die belangrike deurbraak in menslike verhoudinge wat met dié eerste ontmoeting gemaak is.

In talle opsigte was dié week se gesprekke 'n ontdekkingsreis van swart en wit Suid-Afrikaners vanuit 'n posisie van diepe wantroue in mekaar se motiewe tot 'n punt waar hulle mekaar vind as gewone Suid-Afrikaners met dieselfde ideale en ambisies.

Dié punt is treffend gistermiddag deur Thabo Mbeki gestel toe hy in 'n toespraak aan die Kaapstadse persklub gesê het dat dit duidelik was met die eerste ontmoeting tussen die twee afvaardigings oor hoe dom dit was dat hulle nou eers met mekaar praat.

Hoe diep die kloof was en met watter wantroue die ANC die regering bejeën, het duidelik geblyk uit 'n lang private gesprek met ons Dinsdagaand. Een van die belangrikste persone in die ANC-afvaardiging het gesê: "Hoe weet ons ons kan die regering vertrou. Wie sê hul speel nie 'n spel nie. Die Angolese het ons gewaarsku: moet niks van die Boere glo nie, tensy hulle dit onderteken. Anders verander hulle weer van plan. Kyk wat het gebeur met die Nkomati-verdrag en die arme Mosambiek. Of kyk wat het gebeur met die Lusaka-ooreenkoms en Angola. Dit was eers na Cuito Cuanavale dat die Pretoria-regering tot besinning gekom het."

Nog daardie selfde aand was die probleem van wantroue 'n belangrike deel van die agenda tydens 'n strategie-byeenkoms van die regeringsafvaardiging.

Daar is duidelik gewys oor die diepe wantroue van swart kant, dat die goeie bedoelings van die regering nie as vanselfsprekend aanvaar sal word nie en dat dade meer as woorde sal tel.

Maar dit sou alles in enkele ure die volgende dag verdwyn toe daar 'n klaarblyklike poging van albei kante was om die verlede agter te laat.

Tydens die bespreking het Thabo Mbeki die regeringsmense daarop gewys dat verskeie van die ANC-lede jarelank agter tralies was. "Maar daar is geen verbittering onder hulle nie. Die blote feit dat hulle saam hier is, bewys ons diepe erns en opregtheid met die gesprek."

Regeringsmense het later gesê hulle was getref deur dié woorde en die waardige manier waarop dit gestel was.

Die ANC-lede op hul beurt was ewe diep beïndruk deur die duidelik opregte woorde van die minister van Staatkundige Ontwikkeling, dr Gerrit Viljoen, aan die begin van sy aanbieding van die regeringsbenadering. Hy het gesê dat in sy persoonlike hoedanigheid hy oorstelp is en 'n diepe bewustheid van vreugde ervaar dat die twee kante wel met mekaar kan gesels.

In die meer ontspanne atmosfeer tydens die aandete is daar soms draakgesteek met mekaar. Op voorstel van die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, is besluit dat hy en sy eweknie, Thabo Mbeki, 'n heildronk op die leiers van die ander span sal instel. Botha het 'n heildronk op die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, ingestel en toe Mbeki daarna aan die woord kom, het hy met 'n emstige gesig aangekondig: "Ongelukkig het my adjunk-minister 'n fout begaan deur geen toespraak oor my leier te hou nie. Dit ontneem my nou die geleentheid om oor sy leier positiewe opmerkings te maak."



**Joe Modise**
*(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

# 'Regering moet regses vasvat'

**HENNIE SERFONTEIN**

"DIE ver-regse bewegings is 'n potensieel ernstige bedreiging vir die huidige onderhandelingsproses. Daarom is dit noodsaaklik dat die regering onmiddellik aandag aan dié probleem gee."

Dit was die woorde van die 56-jarige Joe Modise, hoof van die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe (MK), op die vooraand van die eerste ontmoeting tussen die ANC en die regering.

Hy waarsku: "Dié mense is militêr behoorlik opgelei, ten volle bewapen en meer nog, hulle is wetlik bewapen. Hulle is 'n duidelike subversiewe element, want hulle het in heel duidelike taal in die openbaar hulle oogmerke aangekondig. Hulle is van plan om die wapen op te neem teen die ANC wat hulle as hoofteiken verklaar het.

"Maar 'n mens het rede om te glo dat hul teiken nie net die ANC sal wees nie, maar ook lede van die huidige regering. Want hulle beskou as hul teiken almal wat in hul weg staan en almal wat apartheid verwerp.

"Dit is heel duidelik dat hul veral hul woede kan loslaat op mense in die regering wat voorheen ook soos hulle gedink het en ook in apartheid geglo het. Vandag beskou hulle dié regeringsmense as verraaiers."

Modise sê dit is duidelik vir hom, as bevelvoerder van MK, dat vredesinisitatiewe en onderhandelings noodsaaklik is om 'n toekomstige bloedbad te verhoed.

Hy het hom verrassend gematig en pragmaties oor die regering se benadering tot die samesprekings uitgespreek. Modise beklemtoon dat daar van ANC-kant 'n gewilligheid en erns is dat daar vorderinge tydens die huidige gesprekke moet plaasvind. Hy glo dat die onus op die regering rus om sulke vorderinge moontlik te maak en struikelblokke uit die weg te ruim. Hy glo dat die regering "ewe gretig is dat vordering gemaak moet word. Dit is waarom De Klerk en sy regering baie verder as enige van hul voorgangers gegaan het en tot die huidige ontmoeting ingestem het.

"Ondanks openbare stellinginnames is dit duidelik dat albei partye vasbeslote is dat daar 'n deurbraak moet kom.

"Die huidige konflik is heeltemal sinneloos. Dit is in niemand se belang nie. Ons benadeel onsself as Suid-Afrikaners en niemand put voordeel daaruit nie. "Eindelik eindig alles net in die dood van baie mense, die vernietiging van die ekonomie en die lyding van miljoene. Daarom móét die huidige gesprek slaag."

Oor die omstredenheid van die sogenaamde gewapende stryd verduidelik Modise dat dit nie net halsstarrigheid aan die kant van die ANC is om nie onmiddellik daarvan afstand te doen nie. Dit kan slegs gedoen word as die struikelblokke in die weg tot onderhandelinge verwyder word, want, sê hy, die gewapende stryd is ten nouste met die geweld van apartheid gemoeid.

"Pres De Klerk het duidelik verklaar dat hy weg van apartheid beweeg, daar behoort dus nie 'n ernstige probleem te wees nie. Ons begryp ook dat dit 'n politieke probleem vir die regering is. Daarom is ons bereid om, sodra die huidige struikelblokke uit die weg geruim is, voorkeur aan die einde van die gewapende stryd te gee nog voordat substantiewe onderhandelings begin."

Dié sobere woorde kom van 'n man wat toe hy laas in 1962 op besoek aan die Kaap was, ondergronds selle en strukture van MK - met die oog op sabotasie - op die been wou bring. Hy was regstreeks by die eerste sabotasie-aanvalle in Johannesburg aan die einde van 1961 betrokke - toe was daar nog streng opdrag dat burgerlikes nie beseer mag word nie.

Hoe voel dit om na 28 jaar terug in Kaapstad te wees? "Dit bly 'n wonderlike stad. Dit is selfs nou pragtiger as ooit tevore. Ongelukkig kon ek te min besigtig.

"Ek is terug met gemengde gevoelens. Ek is jubelend om terug by my mense te wees. Maar ek is ook bitter en kwaad, baie kwaad. Ek kom terug na al die jare om mense wat nog steeds onderdruk word, te vind. Die veranderinge wat wel plaasgevind het, bly maar heel oppervlakkig.

"Na alles het ons nie besluit om bomme te gooi omdat ons nie saam in dieselfde toilet as 'n blanke kon gaan nie. Maar daarom is ek hoopvol dat ons eindelik in gesprek met mekaar is."

## Geen vrede sonder Boere

*Van bl 1*

te sluit in 'n toekomstige Suid-Afrika," het Mandela gesê.

In sy toespraak voor die Kaapstadse persklub gistermiddag het die ANC se hoof van buitelandse sake, Thabo Mbeki, blankes se vrees vir verandering as een van die grootste gevare vir die onderhandelingsproses uitgewys.

"As 'n volk het ons Suid-Afrikaners produkte van apartheid geërf soos 'n Barend Strydom. Daar is heel waarskynlik baie Barend Strydoms daarbuite wat glo dat apartheid 'n godgegewe stelsel is en hoe nader daar aan 'n oplossing beweeg word hoe meer desperaat sal hulle word."

Selfs die hoof van die ANC se militêre vleuel, Joe Modise, het daarop gewys dat die ultra-regse groepe 'n regstreekse fisieke bedreiging geword het.

In 'n duidelik beroep op die regse Afrikaner het die militêre veteraan dit onomwonde gestel dat oorlog die land net kan vernietig en blank en swart onherroeplike pyn en leed sal besorg. 'n Volledige onderhoud met Modise verskyn op bladsy 3.

Nog nooit is die Afrikaner se rol in 'n toekomstige nie-rassige Suid-Afrika so duidelik aangespreek.

Op die oggend voor die gesprek begin het, het Nelson Mandela in 'n heel eenvoudige menslike gebaar dit duidelik gemaak dat die ANC die Afrikaner-regering as mede-vennote in die onderhandelingsproses beskou. Hy het tydens 'n foto-sessie aan die pers gevra om hul ondersteuning aan die ANC te gee tydens die gesprek. Hy het bygevoeg: "Maar ek versoek julle ook om die anderkant te ondersteun. Ons is almal saam in dié gesprekke en ons is almal saam dodelik ernstig dat dit moet slaag."

# Die berg wou nie, toe kom Sachs maar

**"O HERE, een van die Slovo's is hier," het 'n lughawe-amptenaar uitgeroep toe Albie Sachs gistermiddag huilend van vreugde na meer as 23 jaar in ballingskap op die lughawe Jan Smuts aankom.**

**Sachs, lid van die ANC se Regs- en Grondwetlike Sake-komitee, het saam met 'n Fedtraw-afvaardiging van Harare na Johannesburg gevlieg, en volgens een van sy mede-reisigers het almal hande vasgehou toe hulle Suid-Afrikaanse grondgebied bereik.**

**Sachs het toe sy groot wens herhaal om so gou moontlik by die berge te kom. Hy het twee maande gelede in 'n onderhoud met Vrye Weekblad gesê hy wil Tafelberg weer uitklim sodra hy by die huis is.**

**Sachs is direkteur van die Suid-Afrikaanse Grondwetlike Studie-sentrum aan die Instituut vir Statebondstudies in Londen en sal na verwagting nou betrokke wees by die skryf van 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika.**

**Hy het die land in 1966 verlaat en later by die ANC aangesluit.**

**Tydens 'n verblyf van 11 jaar in Mosambiek het hy 'n motorbom-aanslag op sy lewe oorleef. Die voorval, presies twee jaar gelede in Maputo, het hom sy regterarm gekos.**

**Teen saktyd was Sachs steeds in die doeane-kantoor omdat hy nog nie "klaring van Pretoria" gekry het nie, volgens amptenare op die lughawe.**



**Albie Sachs kort na die bomontploffing in Maputo**

# Experience a celebration of the arts



## Standard Bank National Arts Festival June 28 – July 7

Don't miss out on the best party of the year. Join the thousands of South Africans who have discovered the country's major arts happening. Prepare yourself for a feast of culture – and the time of your life.

It all starts in Grahamstown at the end of June. But you need to sit down now to plan how to make the most of our greatest annual arts event.

There is something to stimulate and excite everyone. From drama, comedy, cabaret and revue, through to mime, dance, music, poetry, fine art, craft, film and rock. The range is as wide as the diverse audience.


For ten exhilarating days immerse yourself in a cultural and social experience that offers the latest and best talents in South Africa.

Make sure you don't miss out on something special. The explosion of offerings makes it vital for you to choose from thousands of performances and events. So, be sure to plan your visit in advance.

A comprehensive guide on what to see – with thumbnail sketches of individual events – where to stay and how to get there, including all the booking forms you need, enables you to get maximum enjoyment from our own cultural kaleidoscope.

Send for your Standard Bank National Arts Festival booking kit today.

## Highlights of the 1990 Standard Bank National Arts Festival







✦ *The Colossus of Brooklyn*, by Mario Schiess, with Bill Flynn.

✦ *Dear Mrs Steyn*, a première directed by Deon Opperman with Wilna Snyman.

✦ *Demea*, a première from PACT, by Guy Butler.

✦ *Diesel and Dust*, by Charles Fourie, directed by Gerrit Schoonhoven.

✦ *Give a Child*, written and directed by Gibson Kente.

✦ *Houd-Den-Bek*, a première from PACT, adapted from an André Brink novel, directed by Ilse van Hemert.

✦ CAPAB's production of Shakespeare's *Richard II*.

✦ *Thing?*, a première of a creation myth conceived by Andrew Buckland and Maciek Schejbal.

✦ Film Festival compiled by James Polley, follows the theme of "South African Documents".

✦ The Winter School – Retrospect and Prospect – artists, musicians and writers will give lectures and readings.

✦ André P Brink discusses the post-modern novel.

✦ Standard Bank National Festival of Student Drama – plays from students representing university and technikon drama departments throughout the country.

✦ More than 1 000 Fringe events.

✦ CAPAB Opera Company's première of Britten's first chamber opera, *The Rape of Lucretia*, conducted by Neville Dove.

✦ CAPAB Ballet's *Romeo and Juliet*, choreographed by Veronica Paeper, music by Prokofiev, conducted by Charles Vanderzand.

✦ CAPAB Orchestra gives a concert with Stewart Kershaw.

✦ Piano Recitals by Tessa Uys and Surendran Reddy.





✦ Lieder recital by Deon van der Walt, with Albie van Schalkwyk as accompanist.

✦ Robyn Orlin – *Three Dance Works* by the 1990 Standard Bank Young Artist Award Winner for Dance, with Pact Dance Company.

✦ Standard Bank National Drawing Competition, held every three years.

✦ Bonie Ntshalintshali and Fèe Halsted-Berning, joint winners of the 1990 Standard Bank Young Artist Award for Fine Arts, exhibit ceramic sculpture.

✦ Guest Artist Exhibition: Cyprian Shilakoe.

✦ Rolfes Impression's '90 Exhibition.

**A project of the 1820 Foundation** 1820

### BOOKING KIT APPLICATION FORM 1990

NB: 1820 Foundation members please complete this form to receive your Booking Kit.

TO: The Festival Officer, Standard Bank National Arts Festival, P O Box 304, Grahamstown 6140 or 1820 Foundation, P O Box 2461, Parklands 2121

Name ..........

Address ..........

.......... Code ..........

Please send me .......... copy/ies of the Festival Booking Kit.
I am/am not a member of the 1820 Foundation and therefore do/do not enclose R5 per copy.
I wish to receive further information regarding membership.

**Standard Bank**

The Standard Bank of South Africa Limited (Registred Bank) Reg. No. 62/00738/06 SBIC 203282 F/C

## Hospitaalkrisis op hoogste vlak aangespreek

# Deurbraak vir gesondheidswerkers

CHRISTELLE DE JAGER

IN 'n tasbare uitvloeisel van die samesprekings tussen die regering en die ANC, is die eerste stap tot die beëindiging van die hospitaalkrisis gister geneem met 'n noodvergadering in Kaapstad wat onder andere bygewoon is deur die ANC se visepresident, Nelson Mandela, die minister van Nasionale Gesondheid en Welsyn, dr Rina Venter, Cosatu-afgevaardigdes en verteenwoordigers van die Transvaalse Provinsiale Administrasie.

Die deurbraak het gekom nadat die Staatspresident, FW de Klerk, Woensdag vir Mandela genader het oor die hospitaalkrisis. Hulle het gesamentlik 'n boodskap aan die National Education Health and Allied Workers Union (Nehawu) gestuur, wat gister by 'n Cosatu-perskonferensie deur Winnie Mandela oorgedra is.

Sy het gesê dat dr Venter 'n onderhoud toegestaan het oor die krisis, en te eniger tyd gereed sal wees om 'n noodvergadering met vakbondafgevaardigdes te hou.

Mandela het homself beskikbaar gestel om die samesprekings by te woon en dr Venter het gesê dat as dit nodig sou wees om die samesprekings uit te brei tot die erkenning van Nehawu, die minister van Administrasie, dr Wim de Villiers, genader sal word.

Daar is egter deur hul beklemtoon, het Winnie Mandela gesê, dat om onderhoude toe te staan nie die erkenning van 'n vakbond beteken nie.

Werkersaksie deur gesondheidswerkers het al 11 hospitale in die Transvaal geaffekteer en na 'n staking by Baragwanath het die TPA Woensdag onverwags gevra om met Baragwanath-shopstewards te praat.

Daar is skriftelik ooreengekom dat die TPA en Nehawu op die hoogste vlak onderhandelinge sal begin, op die basis van die dokument van eise wat Woensdag deur Nehawu aan die TPA voorgelê is.

Die eise sluit in die erkenning van Nehawu, die beëindiging van tydelike indiensneming, 'n minimum salaris van R1 100 per maand en die desegregasie van gesondheidsdienste. (Tans is gesondheidsdienste opgedeel tussen 14 administrasies)

Jay Naidoo, algemene sekretaris van Cosatu, het by die perskonferensie die media, veral die SAUK, skerp gekritiseer oor hul hantering van die hospitaalkrisis.

Hy het gesê Cosatu glo 'n propaganda-veldtog om die vakbond in 'n slegte lig te stel, word deur die regering teen werkers gerig.

"Dit was nie nodig om 'n enkele hospitaal te sluit nie, en niemand se lewe is in gevaar gestel nie. Ons het deur ons organisasies reëlings getref vir noodgevalle.

"Die werkers het as 'n laaste uitweg gestaak. Ons het gehoop dat dit nie nodig sou wees nie, maar elke ander metode wat gevolg is, het niks opgelewer nie. Die skuld vir die probleme moet voor die deur van die TPA gelê word," het Naidoo gesê.

Nou word daar op die hoogste vlak met Nehawu onderhandel, iets wat as 'n groot deurbraak vir gesondheidswerkers gesien word.

Die uiteindelike doel is nou om alle gesondheidswerkers, insluitende die sogenaamde professionele werkers soos dokters en verpleegsters, te verenig.

Sprekers by 'n vergadering Woensdag by Baragwanath, wat deur dokters, verpleegsters en nie-mediese werkers bygewoon is, het die noodsaaklikheid van 'n verenigde front van gesondheidswerkers beklemtoon. "Nou is die groot kwessie dat elke persoon wat in 'n hospitaal werk, 'n gesondheidswerker is. Die regering probeer ons verdeel om te sê dat byvoorbeeld verpleegsters "professionele" en nie werkers is nie. Ons moenie toelaat dat hulle só agterdog tussen ons saai nie," het Monde Mditshwa, nasionale organiseerder van Nehawu, gesê.

'n Senior verpleegsuster het gister aan Vrye Weekblad gesê die swart verpleegsters is "vasgevang" tussen die owerhede en die stakers. "Die vergoeding wat ons kry, is godskreiend. 'n Senior suster met 26 jaar ondervinding kry byvoorbeeld net R1 200 uit. In 'n sin doen die stakers ons vuilwerk vir ons, want as verpleegsters mag ons eintlik nie staak nie. Baie van ons is geïntimideer om deel te neem, maar eintlik is ons verskeur tussen die slegte behandeling wat ons kry en ons etiese kodes."




**Protes by Bara** *(Foto: Justin Sholk - Afrapix)*

# Bop-weermag steeds gereed vir staatsgreep

CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE Bophuthatswana-weermag het gister nog 'n swaar teenwoordigheid by sleutelpunte van pres Lucas Mangope se regering in Mmabatho gehandhaaf ten spyte daarvan dat die uitgeweke leier van die opposisie sy plan om terug te keer, laat vaar het.

'n Veiligheidsnet is sedert die naweek rondom die hoofstad gespan nadat Rockey Malebane-Metsing verlede maand aangekondig het dat hy op 1 Mei terugkeer om 'n ANC-staatsgreep in die tuisland uit te voer. Malebane-Metsing is in selfopgelegte ballingskap sedert hy in 1988 namens sy Progressive People's Party, PPP, die bewind probeer oorneem het, maar dit met die hulp van die SAW onderdruk is.

Inwoners van Mmabatho het gister gesê twee helikopters van die Bop-weermag doen steeds vlugte oor die stad, terwyl Buffels by die uitsaai-sentrum, die landdroshowe en regerings-geboue ontplooi is. Buite die grense van Bophuthatswana het die SAW sedert die naweek alle voertuie deursoek en passasiers ondervra.

Malebane-Metsing het onlangs uit ballingskap in 'n buurland gesê die PPP het met die ANC saamgesmelt en dat Bophuthatswana binnekort die eerste land binne die grense van Suid-Afrika met 'n ANC-regering kan wees. Die doel van die bewindsoorname sou wees om Bophuthatswana weer met Suid-Afrika te laat saamsmelt.

Malebane-Metsing het Maandag aan die hand van 'n woordvoerder in Johannesburg gesê hy het sy plan om uit ballingskap terug te keer weens die veiligheidsnetwerk afgelas.

**IDASA PRETORIA**

nooi u na 'n

**AANDSEMINAAR**

getiteld

**SOCIETIES IN TRANSITION: a comparative analysis applied to South Africa**


**SPREKERS: * Dr F Van Zyl Slabbert**
**Idasa: Beleidsdirekteur**
*** Mark Swilling**

Universiteit van die Witwatersrand:
Sentrum vir Beleidstudies
**Datum:** Dinsdag 22 Mei 1990
**Tyd:** 19h00 vir 19h30

In 'n stimulerende aanbieding van 30 minute doen Mark Swilling 'n vergelykende analise van lande soos Argentinië, Brazilië, Chile, Mexiko, Griekeland, Portugal en Spanje wat via 'n proses van OORGANG beweeg het van 'n outoritêre bestel na een of ander vorm van demokrasie.
Aangesien dit algemeen aanvaar word dat Suid-Afrika tans in 'n proses van oorgang eerder as dekolonisasie (wat die geval was in lande soos Namibia, Zimbabwe en Mosambiek) verkeer, sal dr Slabbert dié vergelykende analise as breë raamwerk gebruik waarbinne die huidige politieke gebeure in ons land verstaan en vertolk kan word.
Ten einde u plek te bespreek, stuur asseblief u seminaarfooi (R10 per persoon) tesame met u naam, adres en telefoonnommer voor 16 Mei 1990 aan:


**Societies in Transition**
**Idasa**
**Arcadiastraat 1077**
**Hatfield Forum 203**
**Hatfield**
**0083**
Vir verdere navrae, kontak Ethel by:
Tel: (012) 3422335/6
Fax: (012) 3421926
**Reg van toegang word voorbehou**

**Vir R1,50 'n week kom stimuleer ons jou in jou voorhuis.**



Van nou af kan jy Vrye Weekblad elke Vrydag by jou huis afgelewer kry. Vir net R75 per jaar of R40 vir ses maande (AVB ingesluit). (Dit is nou as jy in Pretoria, Groter Johannesburg, Oos-of-Wes-Rand of in die Vaaldriehoek woon. Wat Kaapstad en elers betref, is ons verspreiders nog besig met voorbereidings en ons sal dié datums later aankondig.)
Stuur jou tjek of posorder, uitgemaak aan Times Media Ltd, aan Vrye Weekblad, Posbus 10493, Johannesburg 2000 of skakel René, Adele, Pat of Tracy by 497-2711.
Naam: _______________________________
Adres: _______________________________
Poskode: ________
Naskrif: Vir die eerste 250 intekenaars stuur ons 'n gratis Vrye Weekblad T-hemp saam. Dié T-hemp is besig om 'n versamelaarsitem te word.

# SHE'S GOT WOBBLY LEGS AND A PROUD MOTHER.



# AND THOUSANDS OF ENEMIES.

The more we change the world to suit us, the more we threaten the plants and animals around us. People, pollution, drought, over-population ...these are just a few of the enemies. For Shell, the issue is clear. We know that we have to exercise the highest possible degree of responsibility in everything we do.

Working
to make a difference.

*Eet jy pap? Sê jy eitjoe! of eina?*

# Jou neus en jou hare bepaal jou status

**Die Wet op Bevolkingsregistrasie is seker die mees bisarre - en vernederende - stuk wetgewing in die beskaafde wêreld. As die fondament waarop apartheid gebou is, is dit steeds op die wetboeke. AUDREY BROWN, 'n "Kaapse Kleurling" wat nog nooit in die Kaap gewoon het nie, doen verslag**

KEE-LEEN KING is van Chinese en Indiër-afkoms. Van kleins af al het sy by haar oupa en ouma gebly, en as Chinees grootgeword.

Marie Duiker se ma was 'n Skotse vrou en haar pa was swart. Sy het in Doornfontein grootgeword tussen mense van alle groepe, en het later in Sophiatown gewoon.

Dié twee Suid-Afrikaners het mekaar nog nooit ontmoet nie, maar hulle het een ding gemeen - hulle het albei onder die Departement van Binnelandse Sake se herklassifiseringswette deurgeloop weens klassifikasie as "Ander-Asiër" en "Ander-Kleurling" onderskeidelik.

Dié klassifikasie is gedoen ingevolge die Wet op Bevolkingsregistrasie van 1950.

Elke Suid-Afrikaner moet volgens dié wet in 'n rassegroep geklassifiseer word.

Dit is die fondament waarop apartheid gebou is.

Daar het in 'n stadium dertien kategorieë bestaan, waarvan sewe gehandel het oor Kleurlinggroepe, asook die verskillende etniese groepe vir swartmense. Vir witmense is daar net een kategorie - blank.

Tans bestaan daar agt kategorieë: Blank, Kaapse Kleurling, Maleier, Indiër, Chinees, Griekwa, Swart, Ander-Kleurling en Ander-Asiër.

In gevalle waar daar onduidelikheid is, word 'n mens in 'n "mandjie"-kategorie soos "Ander-Kleurling" of "Ander-Asiër" gestop.

Dié wetgewing was die kern van alle apartheidswetgewing omdat wette soos die Wet op Groepsgebiede en verskeie arbeidswette daarom gewentel het.

Klassifikasie het dus ernstige gevolge ingehou vir mense se leefwyse - iemand wat as Kleurling geklassifiseer is, kon 'n beter lewenstandaard geniet as dié wat as swart geklassifiseer was.

Die meeste mense word maklik geklassifiseer, maar talle "grensgevalle" ondervind hartseer en onsekerheid omdat hulle nie maklik in die een of ander kategorie pas nie.

Die klassifikasie van so 'n persoon word nie by geboorte as finaal beskou nie en mag op die ouderdom van sestien, wanneer 'n identiteitsdokument uitgereik word, aansoek doen om herklassifikasie.

Vir King se ouers was dié 'n teer punt, en hulle besluit toe om aansoek te doen vir herklassifikasie.

Makliker gesê as gedaan. Dié proses het twee jaar, omkoopgeld en baie smart gekos.


'n Persoon wat herklassifikasie verlang, moet twee gesigfoto's - een profiel en 'n ander van voor af - en 'n motiveringsbrief aan die Departement van Binnelandse Sake se streekkantoor rig.

Daarna word die persoon ingeroep vir 'n onderhoud met een of meer amptenare van die departement. Dié amptenare kan enige vrae vra, ondersoeke doen asook enige dokumentêre bewyse vra om die aansoek te steun.

Dié versoek word dan met aanbevelings van die streekkantoor aan die sekretaris-generaal van die Departement van Binnelandse Sake gerig. Daarna kan daar net gewag word - somtyds vir meer as twee jaar.

Dié praktyk is skerp deur DP-voorsitter en woordvoerder vir Binnelandse Sake, Tiaan Van Der Merwe, aangeval.

"Mense se vriende moet sê of hulle jou aanvaar as 'n witmens of wat ook al, maar dit is absurd as dié mense dan weet dat jy nie wit is nie - hoe meer hulle van jou weet, hoe minder sal hulle glo dat jy van die ras afkom wat jy jouself wil herklassifiseer. Die hele proses is nogal siek."





## *'n Draaikolk van skaamte en woede*

KEE-LEEN KING vertel van haar ondervinding: "Ek is saam met my oupa na die kantore vir 'n onderhoud met 'n amptenaar van die Departement van Binnelandse Sake. Ek wou nie hê my ouma moet saamgaan nie omdat ek bang was hulle sou sien sy is 'n Indiër, en my aansoek afkeur. My gevoelens was 'n draaikolk van verleentheid, skaamte en woede. Ek was verleë en kwaad omdat ek in die verleentheid was oor my familie. Ek was skaam, en ek sien nou nog mense wat skaam is vir hulle familie, en waar hulle vandaan kom.

"Die amptenaar was 'n gewone klerk, iemand wat 'n laer lewenstandaard as ek geniet het, maar hy het die mag besit om my hele lewe te bepaal.

"Sy houding deurentyd was dat ek 'nice' moet wees teenoor hom. Hy was baie bewus van sy mag. My gelaatstrekke is bestudeer en ek is gevra hoe die ander lede van my familie lyk.

"Ek is in besonder uitgevra of my broers gladde hare het, waar hulle woon en of ek ooit toegang tot enige plek geweier is.

"My vriende moes briewe skryf aan amptenare van die Departement van Binnelandse Sake en getuig dat hulle my aanvaar as 'n lid van die gemeenskap.

"Dit is 'n siek, vernederende stelsel en kan nie op 'n waardige manier behandel word nie."

Maar hoekom het sy dit gedoen?

Vir King het dit oor trots en aanvaarding gegaan. Twee van haar grootouers kom van China af, en haar ouma uit Indië. Haar herkoms is duidelik, en sy is op tradisioneel Chinese wyse grootgemaak. Maar met die verwringing van groepsverhoudinge het haar klassifikasie soos 'n skadu van skaamte oor haar familie se naam gehang.

"Hier in Suid-Afrika waar groepsidentiteit so in 'n mens se keel afgedruk word, skep dit baie sosiale probleme om nie aan 'n spesifieke groep te behoort nie.

"My vader kon dit nooit aanvaar nie. Vir hom was dit 'n klap in die gesig, so asof ek geen kuns of kultuur besit het nie.

"Aan die einde van die hele ondervinding kon ek net dink, ek is wat ek is, 'n stuk papier kan tog nie so 'n groot verskil maak nie."

## Die jongste syfers

IN 1989 het 1 229 mense om herklassifikasie aansoek gedoen. Hiervan was 126 aansoeke onsuksesvol.

Die Departement van Binnelandse Sake het die volgende statistiek verstrek: Twee blankes is Chinees verklaar; 19 Kaapse Kleurlinge as blank; 15 Kaapse Kleurlinge as Sjinees; 59 Indiërs as Kaapse Kleurlinge; 55 Kaapse Kleurlinge as Indiërs; 17 Indiërs as Maleiers; 33 Maleiers as Indiërs; 327 Swartes as Kaapse Kleurlinge; 1 Kaapse Kleurling as Swart; 8 Swart as Ander Asiër; en 1 Swarte as Griekwa.

HERKLASSIFIKASIE word op twee toetse gegrond: aanvaarding en assosiasie.

Die Departement van Binnelandse Sake sê: "Aansoeke word oorweeg binne die raamwerk van aanvaarding/assosiasie in die groep waarby aansluiting verlang word in wisselwerking met voorkoms en afkoms."

In die verlede, toe die wet pas in werking getree het, is herkoms ook as toets gebruik. Dié toets is afgeskaf nadat die moeilikhede van sekere vooraanstaande Kaapse-families uitgewys is - baie het 'n donkerder voorouer se geraamte in die kas hoor ratel - soos in die geval van die Barnato-gesin en Fannie Bees wat onlangs in die nuus was.

In die vorige eeu sou Bees net aanvaar word in die wit gemeenskap as sy 'n Christen was, omdat godsdiens die enigste maatstaf tot aanvaarding was.

Johan Heese van die Universiteit van Wes-Kaapland sê: "In die vorige eeu kon 'n mens trou met wie jy wil, maar net Christen-troues is erken, so 'n mens moes 'n Christen wees om in die wit gemeenskap aanvaar te word. Kinders van so 'n huwelik is as blank aanvaar. Maar mettertyd het voorkoms belangriker geword, en so is sommige mense uit die wit gemeenskap gesmyt."

Voorkoms is steeds belangrik. Dit is duidelik uit die vrae wat deur amptenare gevra word om mense se groep te bepaal.

Marie Duiker, wat destyds in Sophiatown gewoon het toe die wet in werking getree het, moes registreer vir die bevolkingsregister en dan verskuif word na die groepsgebied waar sy geklassifiseer is.

Sy moes dié streng toets slaag:

"Hulle het 'n pen deur my hare gesteek om te sien hoe glad my hare is. Sou die pen uitval, sou ek as Kaapse Kleurling geklassifiseer word. Die pen het uitgeval. Die volgende toets was die lengte van my neus. 'n Amptenaar het sy vinger so oor die brug van

## Gladde hare en 'n knypie aan die arm

my neus gesit. As hy nog jou oë onder sy vinger kon sien, het jy vrygespring. So nie, het jy somtyds jouself in 'n ander kategorie as jou ouers, broers en susters bevind.

"Ek het dié toets ook geslaag.

"Die laaste toets was 'n knypie aan my arm. Ek skreeu toe 'eitjoe'. Toe ons later daaroor praat, vind ek uit dat dieselfde toets op iemand anders, wat net so donker soos ek was, gedoen is, maar dié persoon is as Kaapse Kleurling geklassifiseer. Dié persoon het 'eina' gesê toe hy geknyp is. Ek het die laaste toets gedruip."

Duiker is later as Kaapse Kleurling herklassifiseer hoewel sy in die Noord-Transvaal gebore is.

Volgens 'n studiestuk wat in 1958 deur die Instituut vir Rasseverhoudinge opgestel is om die gevolge van die wet te ondersoek, is die amptenare nie aan die publiek bekend nie, en kan hulle enige vrae vra en toetse doen.

Van die toetse wat in die studie genoem is, sluit vrae in soos: Slaap jy op 'n bed of op die vloer? Eet jy pap?

Die proses neem baie lank, en duur soms twee jaar.

Kee Leen King moes agtien maande op 'n antwoord wag.

Gevra waarom dit so lank duur, sê Tiaan Van der Merwe: "Dit kan wees dat hulle probeer om mense te ontmoedig, omdat die hele proses nogal 'n kopseer vir die apartheidsbeleid is. Die wet geniet nie die voorkeur van die politikus nie, en dus sal die amptenare nie veel tyd daaraan bestee nie. Maar destyds het hulle lank geneem omdat hulle onsimpatiek was."

Maar waarom sal mense dié vernedering deurgaan? Van die aanvang van die wet is duisende mense herklassifiseer, en duisende meer aansoeke gerig.

Dié vraag is veral interessant as daarop gelet word dat in sekere groepe daar geen verskil aan 'n mens se status is nie wanneer jy as "Griekwa" of "Ander-Kleurling" geklassifiseer is.

"Die rede waarom ek dit gedoen het, is omdat dit vir my ouers so baie beteken het. Hulle is trots op hul herkoms, en ek ook. Om as 'n 'Ander Asiër', 'n konsep wat eintlik niks beteken nie, geklassifiseer te word, was baie swaar om te sluk," sê King.

Maar Duiker had geen keuse nie, volgens die sensuswette was sy verplig om die ervaring deur te maak.

Volgens syfers van die Departement van Binnelandse Sake is die grootste kategorie dié van Kaapse Kleurling na blank, en volgende dié van swart na Kaapse Kleurling.

Volgens dié syfers word dit om ekonomiese redes gedoen want dié twee groepe geniet in 'n groot mate voorkeur wat lewensbenodighede soos behuising en werksgeleenthede betref.

Van der Merwe betwis egter dié stelling. Volgens sy ondervinding spruit die meeste gevalle uit gemengde huwelike.

Hoewel die wet teen gemengde huwelike afgeskaf is, moet mense steeds herklassifiseer word om aan die vereistes van die Wet op Groepsgebiede te voldoen. Sedert 1975 was daar bykans 10 000 herklassifikasies.

"'n Mens sou dink dat dit om ekonomiese redes gedoen word, maar die oorgrote meerderheid doen dit om identiteitsredes, asook weens die beperkings van die Wet op Groepsgebiede," sê Van der Merwe.

## Beyers Naudé aan die woord

# 'Ons moet aan die regses werk'

**Afrikaner-kerkman dr Beyers Naudé het dié week 'n beroep op "polities bekeerde Afrikaners" gedoen om die bearbeiding van regsgesinde Afrikaners as hul taak op te neem. ELSABÉ WESSELS het met hom gepraat**

"NÊRENS gaan dit so moeilik wees om die diep gewortelde ideologie van apartheid uit te ruk nie as uit die harte van regse Afrikaners. Maar ons mag hulle nie opsy skuif nie. Dis die taak van die polities bekeerde Afrikaners om regse Afrikaners te bearbei."

Dit was Naudé se vurige pleidooi dié week. En dit is waar hy sy taak in die toekoms sien.

"Ons het 'n morele verantwoordelikheid teenoor hulle. Hul ideologie is gewortel in die tradisionele denke van apartheid en ons kan hulle nie verwerp nie. Hulle weerspieël aan ons wat apartheid was in die aantal jare wat verby is. In daardie opsig moet ons die eerlikheid van hulle kant af erken en die totale onuitvoerbaarheid van apartheid by hul tuisbring.

"Daar is net een manier waarop dit gedoen kan word, en dit is deur persoonlike kontak. Ons sal hulle moet help om in 'n jong swartman 'n mede-Suid-Afrikaner te ontdek wat sy land net so lief soos hulle het, wat sy familie net so graag wil ondersteun as hulle, wat sy taal net so lief soos hulle het.


"Dis in die eerste plek die kerk se taak om dié mense te bearbei, want die kerk is die groep of die organisasie wat by uitstek die boodskap van versoening moet uitdra.

"Dit is egter jammer dat die NG Kerk nie gereed is om die rol te vervul nie. Voordat die NG Kerk nie 'n skoon breuk met apartheid in elke opsig maak nie, kan hy nie die belangrike rol speel nie.

"Die NG Kerk is myle agter die regering. Die NP het die Kerk verbygesteek in die visie van 'n nuwe Suid-Afrika en om 'n pad van versoening te bou.

"Ons kan nie van ons amptelike kerklui verwag om die leiding te gee nie, maar daar is genoeg predikante wat dié insigte deel en dit aan hul gemeentes kan tuisbring."

Oor die versoening tussen wit en swart en die rol van die ANC het Naudé gesê dat hy getref is deur die eerlikheid van die ANC in die soeke na 'n regverdige oplossing. "In al die gesprekke wat ons gehad het, amptelik en nie-amptelik, was dit die één boodskap: hoe kan ons sonder die verloëning van ons diepste oortuiging en doelstellings die regering, en veral die Afrikaner, oortuig dat ons 'n toekoms kan bou vir almal in die land.



**Die ANC-afvaardiging in Kaapstad. Voor staan Ruth Mompati, Alfred Nzo, Nelson Mandela, Joe Slovo, Walter Sisulu en Cheryl Carolus. Agter staan Archie Gumede, Ahmed Kathrada, Joe Modise, Beyers Naudé en Thabo Mbeki.**

*Foto: Eric Miller - Afrapix*

"Ek voel bevoorreg om as Afrikaner deel te neem. Dit is jammer dat apartheid so 'n negatiewe beeld van die Afrikaner as 'n onderdrukker geskep het. Vir my dus om deel te wees van 'n groep wat die teenoorgestelde oordra, is 'n voorreg wat ek hoop tot die Afrikaner sal deurdring.

"Ek wil Afrikaners nie net van my opregtheid nie, maar ook van die korrektheid van die standpunt wat ek ondersteun, oortuig. Ek hoop ook dat ek vir hulle kan laat besef dat daar geen toekoms vir die Afrikaner is nie behalwe om in die ware sin van die woord deel te word van die bevolking van Suid-Afrika.

"Blanke Suid-Afrikaners en by name die Afrikaner sal moet verstaan watter belangrike stappe gedoen moet word ten einde hulself voor te berei vir die nuwe Suid-Afrika. Dit is dringend noodsaaklik dat daar gedurig gereelde gesprekke tussen Afrikaners aan die een kant en die ANC aan die ander kant op alle vlakke van die samelewing moet plaasvind.

"Ek wil graag sien dat Nelson Mandela die studente-gemeenskappe van Stellenbosch, RAU, Bloemfontein en Pretoria toespreek - sodat Afrikaners hom as mens kan leer ken en van die verwagtinge hoor wat hy ook vir die Afrikaner in Suid-Afrika koester. Die drogbeeld wat van die ANC opgebou is, moet afgebreek word.

"Die Afrikaner sal homself moet afvra: hoe pas ek in 'n Suid-Afrika wat meer en meer beweeg in 'n rigting waar daar vir apartheid geen plek is nie? Hoe pas ek daarin sonder om die diepste waardes van my lewe as Afrikaner te verraai of te verloën?

"Om agter groepsbeskerming te skuil, is polities gevaarlik. Ek verstaan dat die Afrikaner bang is dat hy sy taal, kultuur en volksidentiteit kan verloor. Ek verstaan dit en het simpatie daarvoor. Maar ek wil ook graag daarop antwoord en sê: ek weet van nêrens in die geskiedenis van enige volk wat sy taal of sy kultuur of identiteit verloor het omdat ander dit van hom weggeneem het nie. Dit het gebeur omdat die betrokke volk of nasie toegelaat het dat daardie waardes verbrokkel. Hoekom is die Afrikaner bang vir die verlies van sy taal. Daar is hoeveel volke in die wêreld wat 'n taal praat wat nie die amptelike taal van die land is nie, maar dit doen geen afbreek aan die krag en innerlike groei van daardie taal nie. Ek vra my af waarom die Afrikaner dan bang is. Waarom is die Zoeloe en die Xhosa nie bang nie? Is dit nie omdat ons skuldig voel dat in die oë van die meerderheid van ons bevolking ons Afrikaans tot die taal van die onderdrukker omskep het?

"Die oomblik as hy daarvan sal afsien, sal hy verbaas wees oor die spontane steun wat daar vir Afrikaans sal kom uit swart en bruin gemeenskappe in Suid-Afrika.

"Ons sal nie vorder voordat dié ongegronde angs, wat gewortel is in ons verlede en die vrees dat ons as 'n minderheidsgroep ons taal en kultuur kan verloor, oorkom nie. Maar dis deel van die proses van groei wat ons moet deurmaak as Afrikaners sodat ons saam 'n nuwe Suid-Afrika kan bou."

Naudé het die ANC se openlike oproep tot Afrikanersteun aangeprys. "Ek dink dis reg. Hulle besef dat die Afrikaner by uitstek dié blanke groep in Suid-Afrika is wie se liefde en lojaliteit gewen moet word as ons 'n vreedsame toekoms vir Suid-Afrika wil bou.

"In die tweede plek doen hulle dit ook omdat hulle respek vir die Afrikaner se eerlikheid het. Ek sien dit as 'n gebaar van diepe en egte verlange aan die kant van die swart Suid-Afrikaner om aan die Afrikaner te sê: ons het jou nodig om saam met jou die toekoms van die land te bou."

# 'Alliansie is hier om te bly'

ELSABÉ WESSELS

DIE veelbesproke alliansie tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP) is hier om te bly.

Dit was die duidelike boodskap van die visepresident van die ANC, Nelson Mandela, en die leier van die SAKP, Joe Slovo, dié week.

Ondanks uitgesproke kritiek vanuit wit politieke kringe en striemende aanvalle op Slovo en die SAKP deur regeringsleiers het beide Mandela en Slovo die afgelope dae 'n punt daarvan gemaak om die historiese vennootskap en toekomstige bondgenootskap van die ANC en die SAKP sonder verweer te stel.

Dat Slovo naas Mandela met die luidste applous by Sondag se massa-saamtrek op Mitchell's Plain ontvang is, was 'n aanduiding van die hoë aansien wat dié gesoute strateeg op die grond geniet.

Vir Slovo was die ontvangs oorweldigend. In die veertigerjare was 45 mense by 'n massavergadering, het hy met 'n glimlag opgemerk.

Op 'n vraag oor hoe hy voel oor die negatiewe beeld wat oor hom geskep is, het Slovo gesê hy het geleer om te aanvaar dat hy as wit Suid-Afrika se mees gehate vyand voorgestel word. "Dit het my ook 'n goeie reputasie onder 90 persent van die bevolking gegee," het hy sinies opgemerk.

Die oop verhouding tussen die ANC en die SAKP het volgens Slovo die alliansie versterk. "Ek glo nie die party het ooit probeer om 'n Broederbond binne die ANC te wees nie," het hy opgemerk.

Die SAKP, wat tien jaar voor die ANC reeds onwettig verklaar is, sal sy grondwet moet herskryf, het Slovo aan persmense gesê. Hy het ook daarop gewys dat die SAKP steeds deur veiligheidswetgewing aan bande gelê word omdat dit steeds 'n oortreding is om sosialisme te verkondig.

Slovo het 'n mens nie onder die indruk gebring dat die SAKP oorhaastig is om bogrondse strukture te begin vestig nie. "Ons moet versigtig wees. Ons posisie is meer kompleks as dié van die ANC. Ons sal die hoofteiken van die regses word," het Slovo opgemerk.

Oor die verhouding tussen die ANC en die SAKP, het Slovo die individualiteit en onafhanklikheid van die twee bewegings beklemtoon.

"Die feit dat die ANC en die SAKP voortaan elk 'n eie pad sal loop, is nie vir ons 'n buitengewone situasie nie. Voor 1950 was dit die posisie en vandag nog. Elk sal met sy eie onafhanklike beleid voortgaan om vir gesamentlike doelstellings te werk.

"Die dag as die ANC-vlag oor die Uniegebou begin wapper, beteken dit nie ons gemeenskaplike oogmerke is behaal nie. Ek voorsien 'n lang tydperk waarin beide organisasies sal saamwerk om hul oorvleuelende doelstellings uitgevoer te sien."

Volgens Slovo is die moontlikheid van botsende belange in 'n verkiesingsituasie gering. "Daar is geen botsende belange nou nie. Dis nie te sê dat daar nooit botsende belange sal wees nie. Maar beide die ANC en die SAKP glo dat sosialisme nie onmiddellik op die agenda is nie," sê hy.

Oor die aanval op sosialisme in die Sowjet-Unie en die Oosblok-lande het Slovo gesê die SAKP verwelkom die proses van demokratisering in die Sowjet-Unie. "Indien dit slaag, sal sosialisme oorleef."



*Jan van Riebeeck is 'n stille getuie*

# 'n Nuwe geskiedenis word geskryf

**Vrye Weekblad se twee senior politieke korrespondente, HENNIE SERFONTEIN en ELSABé WESSELS, doen verslag oor die ontmoeting tussen die ANC en die Nasionale Party in Kaapstad**



*Tekening: Tinus Hom*

'N STATIGE Jan van Riebeeck op die reliëf van die voorgewel van die imposante Groote Schuur-ampswoning was die stille getuie van die grootse politieke gebeurtenis wat dié week in die Moederstad afgespeel het.

Op die terrasse van die lowerryke landgoed het staatspresident FW de Klerk en die visepresident van die ANC, Nelson Mandela, langs mekaar gestaan en elk in sy eie woorde nuwe hoop van ware versoening tussen blank en swart in Suid-Afrika gegee.

In enkele treffende woorde het Mandela die gedraendheid van die oomblik opgesom en die begin van die onderhandelingsproses as 'n "heilige onderneming" beskryf.

Op sy beurt het De Klerk die gebeure beskryf as die "begin van 'n nuwe tydvak vir Suid-Afrika (en) die begin van 'n onherroeplike proses van normalisering". "Dis 'n goeie toespraak," het Mandela gemoedelik op Afrikaans aan die president opgemerk.

In die 90 dae sedert die opening van die parlement is Suid-Afrika se politieke geskiedenis betekenisvol herskryf. Die gevoel wat 'n mens as toeskouer gehad het, was dat daar nie in die laaste honderd jaar soveel hoop vir die skepping van 'n nuwe, regverdige en nie-rassige Suid-Afrika was as juis nou nie.

Dit was duidelik dat die deur wat De Klerk en die Nasionale Party met sy toespraak van 2 Februarie vanjaar oopgemaak het, die mees fundamentele koersaanpassing sedert die begin van blanke minderheidsoorheersing 348 jaar gelede is.

Voor Groote Schuur, die tuiste vir wit staatsleiers die afgelope eeu, was die tablo van 'n onderhandelingspan bestaande uit swart, wit, bruin en Asiatiese Suid-Afrikaners, die versinnebeelding van die begin van die einde van wit minderheidsregering.

"Nie langer meer sal dit 'n dialoog tussen baas en klaas wees nie," het Mandela opgemerk.

Dit was die klein dingetjies, die menslike interaksie en gebare wat 'n mens 'n gevoel gegee het dat 'n nuwe geskiedenis inderdaad besig is om geskryf te word.

Ook die weer het die geskiedkundige oomblik herken. In die naweek is die hoogste reënvalsyfer vir een dag nog deur die weermense in 'n deurdrenkte Kaapstad gemeet. By die Sterrewag in Observatory is die meeste reën in 149 jaar vir dié tyd van die jaar aangeteken.

Ondanks die grou reënwolke was die terugkeer van die "gehate vyande" van die regering 'n triomftog. Vanaf die oomblik wat hulle van die Air Zambia-vliegtuig op DF Malan-aanloopbaan hul eerste treë in amper drie dekades op Suid-Afrikaanse bodem geneem het, was hul boodskap, in die woorde van die Joe Slovo, "nie dié van petisionarisse nie, maar van wettige aanspraakmakers op hul politieke geboortereg en dié van miljoene ander Suid-Afrikaners".

Politici wat as vryheidsvegters drie dekades gelede stilweg by die agterdeur moes uitsluip om vir oorlewing te veg, het met trots en waardigheid teruggekeer.

"Ons kom deur die voordeur terug," het 'n bewoë Slovo opgemerk.

By die Groote Schuur-ontmoeting het Slovo skouer aan skouer met minister Pik Botha gestaan, wat nog verlede week in die parlement 'n verwoestende aanval op die leier van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party geloods het.

Met die aankoms van die Lusaka-afvaardiging in 'n sopnat Kaapstad was 'n oorstelpte Govan Mbeki een van die eerstes om sy ANC-kamerade te omhels. Mbeki, wat onlangs die eerste keer in dertig jaar met sy seun Thabo in Lusaka herenig is, het spesiaal van Port Elizabeth afgekom om sy seun terug in Suid-Afrika te verwelkom. Pa en seun het 'n grappie gedeel voordat Mbeki namens die ANC die Lusaka-afvaardiging terug verwelkom het.

Trane het openlik oor die wange van die Kaapse boorling, Reggie September, gerol toe sy seun sy opwagting in die ontvanglokaal maak. Dit was die eerste keer dat hul op Suid-Afrikaanse bodem ontmoet.

Die Oos-Kaap se kleurryke aktivis Steve Tshwete, wat in 1985 in alle haas oor die grens geglip het, kon nie sy opgewondenheid onderdruk nie. Hy het ou UDF-kamerade en bekendes uitgelate omhels. Maar ook die humor van die daarstelling van nuwe rolle het 'n mens van die eerste oomblik opgeval.

By die ingang van die buitelandse aankomsaal is die pers slegs te midde van die strengste veiligheid toegelaat. Verbaasde joernaliste is deur streng veiligheidspolisie voorgekeer met die woorde: "Het jy jou ANC-uitnodiging?" Slegs dít het jou toegang verseker. Nie eens vir die manne en vroue van die SAP was 'n akkreditasie-kaart van die Buro van Inligting goed genoeg nie.

Binne die saal was die toneel nog meer bisar. Daar staan Cheryl Carolus en Trevor Manuel, ampsdraers van die ANC in die Wes-Kaap, in diepe en vriendelike gesprek in Afikaans met senior polisie-offisiere. Maar nie baie maande gelede nie was hulle nog in aanhouding. Die Kaapse veteraan-aktivis Johnny Issel lyk effens ongemaklik, nog nie gewoond aan die nuwe onverwagse magsveranderings nie. Die afgelope vyf jaar was hy ondergronds en aan 't vlug voor die polisie.

Later maak dieselfde polisie vir hom 'n pad oop deur die skare persmense om sy vrye geleide na die ANC-afvaardiging te verseker.

Vriendelike onderonsies tussen die ANC-span en hul "bewaarders" het 'n kenmerk van die ontmoetingsweek geword. In die weelderige vyfster-hotel, Lord Charles, net buite Somersetstrand waar die regering as gasheer vir die ANC-politici opgetree het, was uiters streng polisiemaatreëls aan die orde van die dag.

Dit was later nie ongewoon om 'n Thabo Mbeki, die ANC se hoof van buitelandse sake, in vriendelike en diepe gesprek met 'n kolonel van Nasionale Intelligensie te sien nie.

Vir die ANC-span was daar maar min vryheid. Enkeles van die sestien wat vanuit Lusaka aangekom het, het al vantevore voet in die Kaap gesit. Maar van Kaapstad self sien en toeris speel, was daar weinig kans. Buiten ritte van en na die hotel was hul ruimte tot die afsondering van hul woonkwartiere beperk. Amptelike uitstappies het plaasgevind te midde van die strengste veiligheidsmaatreëls onder polisiegeleide van voor en agter, terwyl 'n polisiehelikopter vanuit die lug hul beweging met arendsoë gevolg het.

Die nuwe verhouding tussen die polisie en hul jarelange vyande was ook duidelik by die verwelkomingsaamtrek in Mitchell's Plain Saterdag waar die voortdurende teenwoordigheid van 'n polisiehelikopter in die lug nie gedui het op polisie-aksie teen onwettige skares nie, maar die beskerming van Mandela en sy mede-leiers.

Die massa-saamtrek het nie die groot skare opgelewer wat voorspel is nie, maar vir die bannelinge was dit 'n grootse gesig. Die luide Amandlas, vivas en energieke toyi-toyi's van hul ondersteuners was musiek in hul ore.

# Wedersydse glasnost is nodig

**SAMPIE TERREBLANCHE**

**TUYNHUYS-MONITOR**

DIE historiese gepratery oor pratery het Woensdag begin. Voordat mense te optimisties raak oor die deurbrake wat moontlik gedurende hierdie week behaal is, moet ons onthou dat dit slegs 'n verkennende gesprek is om struikelblokke wat onderhandelings tussen die twee "senior vennote" belemmer, uit die weg te ruim. Heelwat soortgelyke gesprekke sal nog moet plaasvind om ook die struikelblokke wat die deelname van "junior vennote" aan die onderhandelings mag belemmer, uit die weg te probeer ruim.

Nogtans sal dit 'n fout wees om die historiese belangrikheid van hierdie week se gesprek te onderskat. Vanuit 'n simboliese oogpunt gesien, verteenwoordig dit tog maar die begin van onderhandelinge. Daarom benut ek graag die geleentheid om die aandag op drie belangrike langtermyn-fasette van die onderhandelingsproses te vestig.

Terwyl die NP en die ANC as die twee "senior verteenwoordigers" van die twee opponerende groeperinge of "kante" in die Groot Verdeling beskou kan word, kan ons sê dat die uiteindelike sukses van die onderhandelings tot 'n groot mate gaan afhang van die twee senior vennote, van die vermoë van albei om kompromieë te maak en van elke vennoot om die ondersteuning en instemming van sy ondersteuners of "kant" te mobiliseer vir die ooreenkomste wat bereik mag word.

## Voorsprong

Wat organisatoriese vermoë betref, wil dit voorkom asof die NP 'n duidelike voorsprong bo die ANC het. Aanvullend tot al die ongelykhede wat as deel van die apartheidsbestel tussen wit en swart ontstaan het, het daar ook 'n groot ongelykheid in die "leierskapservaring" tussen die NP en die ANC onstaan.

Vir die ANC is dit belangrik dat hy so gou as moontlik sy huis organisatories in orde sal kry. 'n Mens moet begrip hê vir die swakhede in die ANC se organisatoriese vermoë en in sy besluitnemingsprosesse. Die ANC was vir 30 jaar verban. Sommige van sy leiers was in die gevangenis en ander in die buiteland. Intussen het nuwe ondersteunende organisasies en 'n nuwe leierskorps binnelands na vore getree.

Om eensklaps oor te skakel van 'n "gekriminaliseerde" bevrydingsorganisasie na 'n goedgeïntegreerde en doeltreffende politieke party in die onderhandelingsproses, gaan vir die ANC 'n gedugte taak wees. Boonop is daar aanduidings dat die ANC-leierskorps oor die jare die tradisie gevestig het dat alle belangrike besluite deur konsensus bereik moet word. Hoewel so 'n proses die indruk van demokrasie mag skep, is dit veels te omslagtig en tydrowend vir die soort besluite wat tydens die onderhandelingsproses geneem sal moet word.

## Misbruik

Dit wil voorkom asof daar aan die ANC "ruimte" - in sowel geleentheid as tyd - gegun sal moet word voordat hy gereed vir egte onderhandelings sal wees. Indien die NP van die ANC se relatiewe 'ongeorganiseerdheid" gaan probeer misbruik maak om debatspunte aan te teken, sal hy hom aan 'n onvergeeflike flater skuldig maak. Te veel is op die spel vir dié soort speletjies.

Die NP beskik klaarblyklik oor redelik doeltreffende organisatoriese- en besluitnemingsvermoëns. Die NP moet egter daarteen waak dat hy nie sy - en sy ondersteunende sake-sektore - se vermeende doeltreffendheid oorskat nie. Daar bestaan blykbaar 'n populêre opvatting in die geledere van veral die 45 persent tipiese bourgeois-Afrikaners wat die NP steun dat die NP oor die doeltreffendheid beskik om enige "storm" te kan deurstaan en as "oorwinnaars" te seëvier. Juis daarom verleen hulle sulke slaafse ondersteuning aan die NP.

## Mandela

Sommige waarnemers beweer dat die NP nie die ANC sou ontban en Mandela vrygelaat het, as dit nie was vir die NP se geloof in sy eie organisatoriese "doeltreffendheid" om met pragmatiese "aanpassings" die mag en bevoorregte posisie van sy bourgeois-ondersteuners te beskerm en voort te plant nie. Die NP beskou die grondwetlike krisis klaarblyklik bloot as nog 'n "storm" wat deurstaan moet word met sy reeds beproefde "doeltreffendheidsaanslag".

Volgens hierdie siening het die voorgenome onderhandelings bloedweinig - indien enigiets - met moraliteit en met die vind van 'n regverdige grondwetlike bedeling te make, maar is dit bloot 'n strategie om Suid-Afrika se buitelandse isolasie te deurbreek en om die ekonomie - ter wille van 'n hervatting van ekonomiese groei - weer "doeltreffend" by die wêreldekonomie in te skakel.

## Strategie

Ter wille van hierdie strategie probeer die NP glo om die hoë morele grond wat hy sedert 2 Februarie in die internasionale arena verower het, te behou deur homself met soete redelikheid as 'n baie goeie en gretige onderhandelaar voor te hou en gaan daar blykbaar in 'n toenemende mate gepoog word om die ANC se geloofwaardigheid as onderhandelaar onder verdenking te plaas deur die ANC-eise as totaal onrealisties en onhaalbaar af te maak.

Die tweede aangeleentheid wat ek wil aanraak, is albei partye se vermoë om kompromieë te maak. Indien 'n mens let op die "posisies" wat die NP en die ANC in hierdie voor-onderhandelingsfase inneem, dan staan hulle inderdaad wêrelde uitmekaar. Die ANC beywer hom vir meerderheidsregering in 'n nie-rassige, nie-groepsgebaseerde demokrasie en vir 'n fundamentele herstrukturering van die ekonomiese stelsel sodat 'n redelik grootskaalse herverdeling van eiendom, rykdom, van ekonomiese mag en kontrole, en van geleenthede en inkome bewerkstellig kan word om sodoende die ergste "ongelykhede van apartheid" reg te stel.

## Magsdeling

Die NP daarenteen, verwerp 'n "simplistiese meerderheidsmodel" en beywer hom vir magsdeling sonder dominasie van een groep deur 'n ander, vir die vind van nie-rassige en "bemarkbare" definisies van die (bevoorregte) "minderheidsgroep", vir die beskerming van die regte (lees: mag en bevoorregting) van die só gedefineerde "minderheidsgroep" sonder om daarmee "statutêre diskriminasie" teen die verontregte meerderheid in die grondwet te bou! (Volgens pres De Klerk sal daar nie vrede in Suid-Afrika bereik kan word solank statutêre diskriminasie in watter vorm ookal, bly voortbestaan en daarom behoort "groepsverskansing" nie eens die skyn van statutêre bevoorregting te dra nie!) Boonop is die NP volledig gekant teen die hervedeling van eiendom en rykdom omdat dit op 'n "sosialistiese konsep" sou berus.

## Argument

Oor sowel politieke as ekonomiese aangeleenthede het die ANC die moraliteitsargument aan sy kant, terwyl die NP op albei terreine die doeltreffendheidsargument aan sy kant het.

Van die ANC se aandrang op moraliteit en die NP se aandrang op doeltreffendheid gaan ons nog baie hoor. Die tergende vrae is in hoeverre dit vir die ANC moontlik gaan wees om ter wille van politieke en ekonomiese "doeltreffendheid" gedeeltelik van sy verdienstelike moraliteitsaansprake prys te gee en in hoeverre dit vir die NP moontlik gaan wees om ter wille van politieke en ekonomiese "moraliteit" ook gedeeltelik sy doeltreffendheidsaanspraak prys te gee.

Maar sodra die partye begin om toegewings te maak - soos wat onvermydelik sal moet gebeur - ontstaan die vraag omtrent die vermoë van elke party om die instemming en ondersteuning van die "kant" wat hy verteenwoordig, na wense te bly mobiliseer.

## Teenpartye

Sowel die NP as die ANC - en die ander "junior deelnemers" - gaan dit bitter moeilik vind om die toegewings wat hulle sal moet maak aan hulle onderskeie "kante" te "verkoop". Elkeen van die partye sal op die ou end die hulp van die teenpartye broodnodig hê om die instemming en ondersteuning van sy ondersteuners te bly mobiliseer.

Dit is teen hierdie agtergrond wat ons rede het om baie bekommerd te wees oor die propaganda-oorlog wat reeds aan die gang is en nog baie in intensiteit en meedoënloosheid gaan toeneem in 'n poging om die verdienste van die eie saak aan te prys en die onredelikheid en selfs gekheid van die ander party se saak aan die kaak te probeer stel. Indien die huidige propaganda-oorloë onbeteueld gaan bly voortwoed, gaan die polarisasie net vererger en die kanse op 'n oplossing soveel kleiner word.

## Rykdom

As part en deel van die baie groot afstand tussen die eise wat die NP en die ANC onderskeidelik stel, is die verwagtings van mense aan albei kante van die Groot Verdeling, veels te hoog en inderdaad totaal onhaalbaar vanweë die beperkte hoeveelheid ekonomiese "rykdom" en die beperkte hoeveelheid politieke "mag" wat vir "herverdeling" en/of "hertoeverdeling" beskikbaar is. Dit is gevolglik van deurslaggewende belang dat die verwagtings aan albei kante drasties afgeskaal sal moet word. Om daarin te slaag, sal daar op die ou end groot welwillendheid en gesamentlike glasnost (morele oorreding) van alle deelnemers aan die onderhandelingsproses - senior en junior - geverg word om die moontlike "ooreenkomste" aan almal te probeer "verkoop".

Dit gaan baie tyd verg. Ongelukkig is daar - veral gesien uit die oogpunt van die ekonomie - nie meer baie sand in die uurglas oor nie!

DIÉ WEEK

# Wêreld:

## Iran ontevrede

Iran dreig om alle verdere onderhandeling oor die vrylating van gyselaars in Libanon op te skort tensy die regering van Amerika ook tot vrylatingstappe oorgaan. Dié dreigement volg op die vrylating van die 57-jarige Frank Reed die week nadat hy sedert September 1986 aangehou is. Iran sê Reed se vrylating is bewerkstellig ná omvattende onderhandeling tussen Teheran en Reed se ontvoerders. Verlede week is Robert Polhill, ook 'n Amerikaanse gyselaar, vrygelaat.

## Gebrandmerk

Amerika brandmerk Sirië en Iran as state wat internasionale terroriste huisves enkele ure nadat hy albei lande bedank het vir hul rol in die vrylating van die gyselaar Frank Reed. Ander lande wat op Amerika se lys van state verskyn wat internasionale terrorisme steun, is Kuba, Libië, Noord-Korea en Suid-Yemen.

## Zsa Zsa bly moeilik

Die aktrise Zsa Zsa Gabor word gevonnis tot 60 uur gemeenskapsdiens of 'n gelyke tydperk in die gevangenis nadat 'n regter bevind het dat sy versuim het om haar vonnis na te kom vir die aanranding van 'n konstabel. Die Beverly Hills-regter sê as Gabor haar vonnis nie nakom nie sal sy summier in die tronk gesit word. Die 72-jarige Gabor sê die straf is "verregaande".

## Hongaarse sitting

Die Hongaarse parlement wat in die eerste demokratiese verkiesing in 43 jaar in Maart verkies is, hou sy eerste sitting. Drie-honderd-vier-en-tagtig van die 386 afgevaardigdes is teenwoordig by die parlementsopening waartydens die Hongaarse volkslied gesing word. Die tussentydse regeringshoof, Matyas Szuros beskryf dit as 'n geskiedkundige oomblik.

## Litauers desperaat

'n Man wat probeer om Lenin se graf op Moskou se Rooi Plein met twee tuisgemaakte bomme te beskadig, word in hegtenis geneem. 'n Sowjet vakbond-koerant identifiseer hom as Kasimir Almazov, wat in 1941 in Litaue gebore is. Innog 'n voorval op die Rooi Plein, steek die 52-jarige Stanislovas Jiamaitis, ook van Litaue, homself aan die brand. Jiamaitis beswyk dieselfde nag aan sy brandwonde. Die Kremlin sê hy beskik oor geen inligting wat dié daad kan verklaar nie.

## Televisie-invloed

Televisie maak jou 'n ongelukkige, eensame, slaperige, konsentrasieswak mens wat vyandig optree. Dít is die bevinding van 'n studie wat in Amerika deur Robert Kubey en Mihaly Csikszentmihalyi gedoen is. Hulle het dertien jaar lank sielkundige navorsing gedoen oor die invloed van televisie op die kyker.




Andy in The Star, Maandag 30 April 1990

## Onafhanklikheid gevier

Israel herdenk sy 42ste jaar van onafhanklikheid. Honderd-duisende mense kom in strate bymekaar wat met vlae versier is ten spyte van die huidige regeringskrisis en die 28 maande-oue Palestynse opstand langs die Wes-oewer en in die Gaza-strook. President Chaim Herzog sê in sy boodskap aan die volk "'n burger wat die reg het om sy verteenwoordigers demokraties te verkies, kan nie sonder hartstog stilstaan wanneer politieke werkinge demokratiese beginsels bespotlik maak nie".

## Ivoorkus-politiek

Die bewindhebbende party van die Ivoorkus, wat sedert onafhanklikheid van Frankryk 30 jaar gelede die politieke mag in die land hou, doen 'n beroep op die regering om 'n veelpartystelsel tot stand te bring. President Felix Houphouet-Boigny wys die versoek van die hand en sê "dit is 'n bedreiging vir nasionale eenheid en sal die stamstelsel laat opleef".

## Vergadering opgebreek

Ooggetuies sê twee mense is dood nadat die polisie van Zaïre 'n vergadering opgebreek het by die huis van die opposisie-leier in die land, Etienne Tshisekedi. Tshisekedi se huisarres is verlede week opgehef met die aankondiging van president Mobutu Sese Seko dat veelparty-politiek weer in Zaïre toegelaat word.



'n Reuse Lenin-borsbeeld word in Zilina, Tsjeggo-Slowakye, van die dorpsplein verwyder. Gedenktekens en borsbeelde van die afgestorwe kommuniste-leier word regdeur Tsjeggo-Slowakye verwyder ná die demokratiese oplewing in die land. (Foto: AP)

## Pers kry kettings

Die regering van Nigerië neem stappe om die land se vrye pers te beheer, 'n enkele week na die mislukte staatsgreep in Nigerië. The Punch, 'n onafhanklike koerant, word gesluit en twee joernaliste, waaronder die hoofredakteur van The Punch, word in hegtenis geneem. Die koerant het kort na die staatsgreep in sy hoofartikel gesê die regering moet "kritiese ondersoek doen van sy oneweredige verdeling van die land se natuurlike hulpbronne..."

## Pakket-bom in Harare

'n Pakket-bom ontplof in die hande van eerwaarde Michael Lapsley van die Anglikaanse kerk in Zimbabwe. Eerwaarde Lapsley, wat noue bande het met die African National Congress, verloor albei sy hande en 'n oog in die ontploffing en 'n tweede persoon word beseer. 'n Christelike anti-apartheidsgroep in Harare beskuldig die regering van Suid-Afrika van die aanval.

## Aanval ongevraagd

Jose Eduardo Dos Santos van Angola maak beswaar teen militêre maneuvres deur Unita kort voor verdere vredesamesprekings. Die eerste direkte samesprekings tussen die regering van Angola en Unita het verlede maand in Portugal plaasgevind. Dos Santos het verwys na die jongste sabotasie van kragmaste wat die elektrisiteitstoevoer van Cambambe Dam na Luanda dra.

# Suid-Afrika:

## Staking kring uit

Die staking van nie-mediese hospitaalwerkers by die Baragwanath- en Hillbrow hospitale brei uit na die Johannesburg Hospitaal waar sowat 1 000 werkers begin staak. Die National Education, Health and Allied Workers Union, NEHAWU, sê werkers eis 'n minimun-vergoeding van R1 100 per maand, 'n loon-verhoging van R400, die erkenning van die vakbond en 'n einde aan die tydelike status van permanente werkers en ook die staking van rassistiese praktyke in die werksituasie.

## Nelson gaan kuier

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, sal in Julie tydens 'n twee-daagse besoek aan Londen samesprekings hou met die Britse primier, Margaret Thatcher. Mandela sal ook met die Britse minister van buitelandse sake, Douglas Hurd, gesels.

## Umkhonto werf

Umkhonto We Sizwe, die militêre vleuel van die ANC, werf tans lede binne Suid-Afrika. Bevelvoerder Joe Modise sê net soos die SA weermag, sal die ANC voortgaan om lede te werf vir die beskerming van die mense. Hy sê die gewapende stryd is fundamenteel in die stryd om die beëindiging van apartheid.

## Kinders en TV

Kinders is meer toegewyde televisie-kykers as volwassenes. Volgens 'n opname deur die stigting vir advertensie-navorsing in Suid-Afrika, is die gemiddelde kinder-kykergetalle net so hoog soos die hoogste syfer wat ooit vir 'n enkele program behaal is. Volgens die opname is kinders egter meer kieskeurig wat betref die programme waarna hulle kyk.

## Richardson ontken

Jerry Vusi Musi Richardson van Soweto pleit onskuldig in die Randse Hooggeregshof op die aanklag van moord op die 14-jarige James "Stompie" Sepei. Richardson ontken ook skuld op tien ander aanklagte wat met die moord verband hou. Richardson word daarvan beskuldig dat hy vier jong mans sou ontvoer het, hulle na die huis van Winnie Mandela in Diepkloof sou neem en hulle sou aanrand. Stompie is na bewering tydens 'n latere aanranding vermoor.

## Bop-marteling ontken

Die kommissaris van Bophuthatswana se gevangenis-departement, genl Delport, ontken beskuldigings dat politieke aangehoudenes gemartel word. In reaksie op aanklagte in 'n Johannesburgse middagkoerant, sê genl Delport dat hy geen kennis dra van politieke gevangenes wat in die Odi-tronk aan elektriese skokke blootgestel word of dat hulle fisies gemartel word nie.

## Staal en die stadsraad

Staal Burger, voormalige bevelvoerder van die Brixton Moord- en Roof-afdeling wat tans ondersoek word as lid van die BSB, het noue kontak gehad met 'n senior veiligheidsamptenaar van die Johannesburgse stadsraad. Dit het aan die lig gekom tydens die Hiemstra-kommissie van ondersoek na beweerde spioenasiebedrywighede in die Johannesburgse stadsraad. 'n Werknemer by die veiligheidsafdeling het voor die kommissie bevestig dat die departement feitlik oorgeeneem is deur Militêre Intelligensie.

## Amerika verdink SA

Amerika verdink Suid-Afrika daarvan dat die land betrokke was by bom-aanvalle op Swart bewussynsleiers in aangrensende state gedurende 1989. Die Amerikaanse regering sê in sy jaarlikse verslag oor terrorisme die Suid-Afrikaanse polisie word ook daarvan verdink dat die mag betrokke was by die moord op dr David Webster en Anton Lubowski. Die regering word ook verdink van die moord op drie lede van die ANC in Swaziland.

## "Vierdehandse" getuienis

Die beskuldiging dat Paul de Swardt van Militêre Intelligensie verantwoordelik was vir die moord op die sosiale antropoloog van die Universiteit van die Witwatersrand, dr David Webster, is "vierdehands". Dít is die bevinding van die Hiemstra Kommissie van Ondersoek. Hannes Gouws, 'n voormalige werknemer by die veiligheidsafdeling van die stadsraad, het verlede week De Swardt genoem as die man wat dr Webster om die lewe gebring het. Gouws het erken dat hy dit gehoor het by 'n kollega, wat dit gehoor het by "S", wat dit by "P" gehoor het.

## Vrylatings

Die UDF-president van die Noord-Transvaal-streek en lektor by die Universiteit van die Noorde, Louis Mnguni, en twee studente, Bongi Mabunda en S Rikhotso, word vrygelaat. Studente by die Turfloop-universiteit beëindig hul klasboikot nadat die vrylating bekend gemaak is. Tot soveel as 60 aktiviste word na bewering in Noord-Transvaal aangehou.

## Interessante era

Suid-Afrika nader nou vinnig 'n kritieke en interessante era. Dít is die woorde van die vise-president van Contralesa, die Kongres van Tradisionele Leiers in Suid-Afrika, hoofman Phathekile Holomisa. Hy sê tradisionele leiers het 'n kritieke rol te speel in die proses van verandering. Holomisa sê 'n grondwet moet geformuleer word wat die oortuigings en aspirasies van die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking moet reflekteer.

## Sewe uit skuiling

Sewe voormalige ANC-lede wat in Kenya skuiling gaan soek het ná mishandeling deur die ANC, begin met reëlings vir hul terugkeer na Suid-Afrika. Ingeligte bronne in Nairobi sê die sewe is in aanraking met internasionale organisasies en wag nou op die uitkoms van hul aansoek. Die sewe het in Januarie uit Tanzanië in Nairobi aangekom en het vlugtelingstatus van die Verenigde Volke se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge verkry.

* Alle berigte van Sapa en AFP

## *Britse premier in doodloopstraat*

# Hoofbelasting 'n kopseer vir Thatcher

CHRISTOPHER BOIAN

LONDEN - Die Britse eerste minister, Margaret Thatcher, moes haar dié week staal vir nog 'n aanslag op haar gesag toe die Britte gister na die stembus is om te stem oor haar regering se ongewilde hoofbelasting.

Daar is meer as 5 000 setels op die spel in die plaaslike raadsverkiesings en opnames wat onlangs gepubliseer is, toon dat die Konserwatiewe Party omtrent 'n kwart van die 1 570 setels wat hul nou beheer, kan verloor.

Volgens voorspellings is dit veral die nuwe stelsel van hoofbelasting - belasting om gemeenskapsdienste te befonds - wat die Thatcher-regering 'n groot knou gaan toedien.

Thatcher het dié week in die parlement gesê dat sy en haar ministers ander maniere oorweeg om die belasting te implementeer. Dié belasting is deur die Arbeiders as "immoreel" bestempel, en van Thatcher se eie parlementslede het gesê dit is 'n "politieke ramp".

"Sy is so 'n moeilike vrou om te help," het een minister in die invloedryke Financial Times gesê. "As sy net vir 'n paar maande kon weggaan, sou ons dit moontlik kon oplos."

Neil Kinnock, die leier van die Arbeiders, is tans baie gewild - grootliks as gevolg van sy opposisie teen die hoofbelasting - en hy laat nie 'n kans verbygaan om Thatcher oor die nuwe stelsel aan te val nie.

"Die hoofbelasting sal nooit regverdig wees nie," het hy dié week gesê. "Dit kan nie gewysig word nie. Ons moet ontslae raak daarvan, selfs al beteken dit dat jy saam met jou vlagskip moet sink," het hy aan Thatcher gesê.

Peter Jenkins, 'n rubriekskrywer in The Independent, het ook voorspel dat die verkiesings katastrofies vir Thatcher gaan wees.

"Die regering is heeltemal paniekbevange en het geen idee wat om te doen nie," sê hy, en voeg by dat die verkiesing "die perfekte uitnodiging aan die publiek is om die regering te help om te besluit wat om te doen".

Maar die hoofbelasting is nie Thatcher se enigste kopseer nie.

Sy staar ook, wat die Financial Times as 'n "blatante en onerkende uitdaging" van haar leierskap beskryf, deur die gewese minister van verdediging Michael Heseltine - wat ná die Westland-helikopterskandaal uit die parlement bedank het - in die gesig.

Thatcher het ook die teiken van toenemende kritiek vanuit eie geledere geword ná die Britse regering se versigtigheid oor vrae rondom nouer politieke en ekonomiese bande met die Europese Ekonomiese Gemeenskap.

Hoewel die onweerswolke oor haar en haar regering saampak, het sy dit duidelik gestel dat sy sal stry om haar beleide toe te pas, al beteken dit 'n nederlaag by die stembus.

"Sy het haar loopbaan spandeer deur in doodloopstrate af te ry, en toe, eerder as om om te draai, het sy deur 'n huis tot in die volgende straat gejaag," het 'n minister Thatcher se taktiek beskryf. "Die probleem is dat sy nou 'n hele ry huise in haar pad het." - AFP

# *Bierdrinkers se revolusie het begin*

CHRISTOPHER BOIAN

LONDEN - Vir die bestuurders en klante van Engeland se 21 500 openbare kroeë wat deur dié land se vyf grootste brouerye besit word, kan Werkersdag 1990 as die begin van die bierdrinkers se revolusie beskou word.

Volgens nuwe regeringsregulasies wat vanaf Dinsdag van krag is, moet Engeland se brouery-reuse hul kroegbestuurders toelaat om 'n nuwe "gastebier" te kies om, buiten die bestaande reeks van beskikbare biere, in hul kroeë te verkoop.

Dié nuwe regulasie wat daarop gemik is om kompetisie in die brouery-bedryf te stimuleer, is die gevolg van 'n onlangse ondersoek deur die Monopolieë en Samesmeltings-kommissie. Kroegbestuurders is in die wolke daaroor.

"Almal baat daarby," sê Harvey Knight, bestuurder van The Hoop and Grapes Pub wat aan die Courage-brouerye behoort.

"Die klante het 'n groter keuse van bier. Ons baat daarby want hopelik sal die groter verskeidenheid meer klante lok," sê hy.

Die gevolge van die nuwe regulasies - wat deur die regering gemonitor sal word - sal na verwagting veral deur die kleiner brouerye gevoel word. Hulle het nou baie meer afsetpunte vir hul bier.

'n Hele aantal van dié brouerye, wat daarop aandring dat hul deug in die gehalte van hul bier lê en nie die hoeveelheid nie, het die afgelope paar jaar tot stand gekom as gevolg van die veldtog vir ware Engelse ale. Van dié brouerye het gesukkel om kop bo water te hou en hoop die nuwe regulasies sal hul 'n hupstoot gee.

Engeland se groot brouerye is natuurlik nie so geesdriftig oor die regulasies nie.


"Ons aanvaar dit, wat kan ons anders doen," sê Barry Clark, segspersoon vir Whitbread-brouerye wat 4 200 kroeë in Engeland besit.

"Dit is nogal 'n radikale verandering in die mark, maar dit is nog te vroeg om te sê wat gaan gebeur," sê Clark. Hy gee egter toe dat die nuwe maatreëls tot groter kompetisie in die bedryf gaan lei.

Hy sê Whitbread en die ander groot brouerye - Allied-Lyons, Courage, Bass en Grand Metropolitan - is besig om stappe te doen om kroegbestuurders te oorreed om hulle nuwe keuse uit reeds bestaande biere van dié brouerye te maak. - AFP

# Nege koue maande tussen vriendelike pikkewyne

VILEM BISCHOF



Die Weddell-rob, wat tot 'n diepte van 600 meter duik om kos te vind

DUMON-D'URVILLE, Antarktika - Toe die poolvaartuig Astrolabe in Februarie op pad huis toe tussen die ysberge verdwyn het, het die agtergeblewenes hulself in hul Antarktiese basis op nege maande se isolasie van die buitewêreld voorberei.

Die 30 wetenskaplikes en tegnici het soontoe gegaan om 'n unieke avontuur aan die einde van die wêreld te ervaar. Maar dié afgeleë wildernis is alles behalwe leweloos - dit wemel van wilde diere.

Adelie-pikkewyne is gewillige maats, en heel gelukkig om tot 'n paar meter van mense af te skuifel. Gedurende die Antarktiese "somer", vanaf Desember tot Februarie, is hulle volop.

Dit is so te sê onmoontlik om 'n draai te loop sonder om deur dié voëls omring te word. Hulle is oral - op die rotse, die ys, in die water, selfs onder die basis.

Op die klein Petrels-eiland, waar die basis geleë is, is daar ongeveer 30 000 pikkewynpare en hul getalle groei daagliks. In die oorbevolkte kolonie is ruimte 'n probleem. Die voëls beskerm hul gebied jaloers, en weer indringers aggressief af.


Die Adelie-pikkewyn is die enigste pikkewyn wat gereeld twee eiers lê. Die rede hiervoor is eenvoudig - selfs in 'n gunstige jaar oorleef net 40 persent tot die einde van die somer. Sterftes haal soms 80 persent, en as die weer handuit ruk - die koue Antarktiese wind kan tot 300 kilometer per uur haal - sterf al die kuikens.

Koningspikkewyne, wat in Maart aankom, het by die ongenaakbare klimaatstoestande aangepas. Hulle bou nie neste nie en reproduseer in die middel van die winter! Dit was dié voëls wat die Franse 40 jaar gelede geïnspireer het om hul navorsingstasie op die Antarktiese eiland te bou.

Vier maande lank, met gemiddelde temperature van minus 30 en boosaardige winde wat aanhoudend waai, beskerm die mannetjies die eiers. In dié tydperk eet hulle niks en verloor meer as die helfte van hulle liggaamsgewig.

Die kuikens word onafhanklik van hul ouers in die somer, en 40 persent van hulle vrek voordat hul wasdom bereik.

By Dumont-d'Urville is dit maklik om pikkewynkenners op te spoor, selfs al is die persoon 'n meteoroloog, geofisikus of tegnikus. Niemand kan die sjarme van dié voëls weerstaan nie. Soos een van die spanlede sê: "Die mense hier stel meer in ekologie belang as die ekoloë." - AFP



'n Adelie-pikkewyn en 'n skua, 'n roofmeeu wat hoofsaaklik pikkewynkuikens eet

(Foto's: AFP)

**WITS**

**faculty information functions for scholars**
**Enquiries: Schools Liaison Office 716 3597**

**Booking at Computicket from 16 April — no charge**

| | | |
|---|---|---|
| Wed May 16 SH6 | ARTS — General BA and BA (Education) degrees | 19:30 |
| Thurs May 17 SH6 | ARTS — Drama, Fine Arts, Social Work, Speech and Hearing Therapy, B Mus and Licentiate | 19:30 |
| Sat May 19 Senate House Concourse | ALL FACULTY INFORMATION MORNING No tickets required | 09:30 |
| Mon May 21 Medical School Parktown | MEDICINE — MBBCh, BSc(OT), BSc(Physiotherapy), BPharm, BNurs | 19:30 |
| Wed June 6 Chamber of Mines Bldg | ENGINEERING | 19:30 |
| Thurs June 7 New Commerce Bldg | COMMERCE — BCom, BEconSc | 19:30 |
| Thurs June 14 SH6 | SCIENCE | 19:30 |
| Wed June 20 SH6 | LAW | 19:30 |
| Thurs June 21 John Moffat Building | ARCHITECTURE — BSc(QS), BSc(TRP), BSc(Building), BAS | 19:30 |

## Herverdeling van rykdom

# Sake-gemeenskap is te winsbehep

DIE Suid-Afrikaanse industriële en kommersiële masjien - bestaande uit die huisvrou (wat ek verkies om die tuiste-maker te noem), die kleinste informele onderneming tot die grootste konglomeraat - genereer wat ons wyd as die "rykdom van die land" kan definieer. Dié rykdom het 'n wye spektrum van uitvloeisels - van kinderontwikkeling en opvoeding tot verskeie produkte en dienste; van salarisse en lone tot sosiale verrykingen verantwoordelikheidsprogramme; en van persoonlike vervulling tot die winste, gemeet in geld, beskikbaar vir verdeling tussen die aandeelhouers.

### "Bottom line"-winste

As gevolg van ons nalatenskap en omstandighede, is ons as 'n sake-gemeenskap behep met slegs een komponent van daardie rykdom, naamlik die "bottom line"-winste.

Dié beheptheid is primêr toe te skryf aan die gekonsentreerde struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die gevolglike beheer wat deur die bestuurders van die groot geïnstitusionaliseerde beleggers uitgeoefen word.

Dié geldbestuurders dra geen verantwoordelikheid nie vir enige komponent van rykdomlewering, buiten die monetêre opbrengste van die geadministreerde portefeulje - gemeet in 'n baie kort tydsduur.

Hulle het, byvoorbeeld, geen belang daarby of dié industrie waarin hulle belê het arbeid- of kapitaalintensief is, vervullende of onvervullende werksgeleenthede bied of produkte verkoop wat die gemeenskap verryk of verarm nie.

Kortliks, die aard, hoeveelheid en verspreiding van die totale rykdom-



BOB TUCKER

lewering is nie van belang nie - slegs die hoeveelheid winste oor die kort termyn.

Dit is 'n ou bekende waarheid dat jy net ontvang wat jy gee en, belangriker, wat jy beloon. Omdat dit net korttermynwinste is wat gemeet en gevolglik beloon word, is die grootste bekommernis van die professionele bestuurders van die formele sektor van die ekonomie die maksimalisering van die korttermynwinste - weer sonder enige werklike besorgdheid of die "rykdom" wat gegenereer word, regverdig verdeel word of nie.

Ongelukkig, na my mening, is die aandag van die staatskas op soortgelyke wyse weggelei vanaf die aard, of "mengsel" van rykdomgenererende bedrywighede na die kwantifisering van "bottom line"-winste en die toepassing van die staatskas se aandeel van daardie winste op openbare besteding. Sedert die mid-sewentigerjare is daar 'n volgehoue tendens weg van belastingaansporing wat die aard en rigting van ekonomiese bedrywighede beïnvloed, selfs al het sulke aansporings die duidelike voordeel dat dit slegs toeganklik is vir dié ondernemings wat in die eerste plek winsgewend is.

Gevolglik is niemand met die mag dit te doen bereid om die rykdom te verdeel nie, hoewel groot dele van die bevolking dit nodig het. Daarom is dit nouliks verrassend dat hulle segsmanne dadelik aanspraak sal maak op daardie bates wat aan hulle die moontlikheid bied om beide hulle invloed uit te brei én om die winsvloei - wat hulle, deur ons gedrag, glo die enigste komponent met werklike waarde is, toe te eien.

### Nasionalisering

Die potensiële tragedie van nasionalisering (primêr omdat dit individuele vryheid en dié vryheid om ondernemend te wees emstig inhibeer), word duidelik deur die onlangse geskiedenis aangetoon.

Maar 'n alternatiewe meganisme om "rykdom te herverdeel" of, in my woorde, 'n ander "mengsel" en verdeling van rykdomlewering, moet gevind word. Om net 'n rits programme van sydelinge uitgawes van stapel te stuur, sal neerkom op "paternalistiese visvoer-programme" en nie juis iets doen om die mense met visstokke - of die kennis hoe om dit te gebruik - toerus nie.

### Sosiale gewete

As 'n beroep tot "sosiale gewete" op bestuurders 'n vervloeking van ons besigheid-etiek is; as die regering nie bereid is om die rykdom en verdeling deur belastingaansporing te beïnvloed nie; en as bestedingsprogramme neerkom op paternalistiese "visvoerdery", blyk die enigste ware opsie die aanwending van die geld - wat die regering en andere nou beskikbaar stel - op 'n katalistiese wyse aan te wend om die aansienlike rykdomgenererende potensiaal wat wel bestaan, te mobiliseer.

'n Onlangse besoek aan 'n plakkerskamp, byvoorbeeld, het getoon dat dit moontlik is vir 5 000 families om soveel huise in 'n paar weke op te rig. Wat sal gebeur as die hulpmiddel opgewasse was teen die kapasiteit van hul werkgewers, pensioenfondse, die boumateriaal-verskaffers, klein kontrakteurs en finansiële instellings - almal op soek na geleenthede om sake te doen? Watter katalistiese aksie is nodig om doeltreffende interaksie tussen die hulpbronne te bewerkstellig? Daar is baie soortgelyke voorbeelde op alle terreine van menslike strewe, van opvoeding tot behuising, van kindersorg tot sake-onderneming.

### Behoeftes

Die eerste taak is om die dringendste behoeftes van die betrokke gemeenskappe te identifiseer.

Histories was ons geneig om in ons ivoortorings te sit en die behoeftes van die mense te determineer.

Indien dié identifikasie saam met die mense kan geskied, sal dit die potensiaal vir geïntegreerde en sinergetiese samewerking aansienlik versterk.

### Hulpbronne

Met die behoeftes geïdentifiseer, sal al die hulpbronne, van finansiering, vaardighede en menslike energie van die gemeenskap self tot die kapasiteit van al die ander sektore van die ekonomie wat na die bevrediging van die behoeftes gekanaliseer moet word, geëvalueer moet word.

***'Histories was ons geneig om in ons ivoortorings te sit en die behoeftes van die mense te determineer.'***

Dit spreek vanself dat indien dié hulpbronne doeltreffend meewerk om die optimum reeks van rykdomlewering te bied, die gemeenskap se behoeftes in die eerste plek bevredig sou word - maar daar moet egter inhiberende faktore wees.

Afhangende van hóé straf hulle is, is dit dié inhiberende faktore wat uit die weg geruim moet word deur die aanwending van 'n toepaslike katalis. Byvoorbeeld, in die Stedelike Stigting se inisiatief vir lae koste-behuising vir verbandleners, was die inhiberende faktore die onkwantifiseerbare risiko en die koste van kapitaal.

Deur 'n leningswaarborgfonds met R20 miljoen en toegang tot vaste koste-kapitaal daar te stel, was die finansiële instellings bereid om te onderneem om biljoene rand beskikbaar te stel.

### Rykdom genereer en versprei

Ek twyfel nie daaraan nie dat groot hoeveelhede energie op soortgelyke wyse bevry en aansienlike bykomstige rykdom gegenereer en regverdiger tussen die gemeenskappe van Suid-Afrika versprei kan word.

As sulke programme met die nodige krag en hulpmiddels nagestreef word, sal optimiste soos ek dit selfs oorweeg om 'n vrye ekonomiese stelsel, wat die toepaslike ekonomiese geregtigheid in 'n nie-rassige demokrasie genereer, tot stand te bring.

(*Bob Tucker* is die hoof van die Perm Bouvereniging)

# *In Venda is jy skuldig as die mense so sê*

VIR die meeste Suid-Afrikaners is Venda die naam van een van die baie klein eilandjies in die moeras van Groot Apartheid.

Die koms van die sinoptiese weerkaart het Thohoyandou (die plek van die olifant) egter bestaan gegee; die radio se minimum en maksimum temperature laat hoor dat dit warm is hier.

Ek weet dat die rol van tradisionele geloof en die mag van towery nog oral in Suid-Afrika groter is as wat mense graag wil toegee, maar nêrens, meen ek, tot die mate waarin dit in Venda gebeur nie.

'n Siniese regskollega by die Universiteit van Venda het altyd besoekers daarheen uitgenooi met 'n blink hotelslagspreuk: "Come to Venda and feel the magic." Dan het hy so effens gegrynslag, so soos die mense wat weet dit altyd in grillerige flieks doen.

Die laaste agtien maande of so is Venda geruk deur 'n opbloei in towery en heksery op 'n skaal wat 'n mens eers laat snak na jou asem, en wat die ondergang van verskeie ministers en senior staatsamptenare tot gevolg gehad het.

Sentraal staan hier enersyds die sogenaamde muti-moorde en andersyds die vernietiging van hekse, meestal deur steniging of verbranding. En so normaal word dit deel van 'n mens se ervarings dat jy effens onkant gevang word as 'n geliefde vriendin wat kom kuier heftig reageer wanneer nog 'n geskiedenis onthul word.

Voordat ek verder vertel, moet ek u net waarsku. Daar is in Venda geen verskil tussen feite en gerugte nie. Nee, eintlik is daar in Venda geen gerugte nie...

Die muti-moorde (wat onderskei moet word van rituele moorde) is daardie gevalle waarin mense vermoor word sodat dele van hulle liggaam verkry kan word. Dié organe (en somtyds 'n kop, word feitelik beweer) word dan gebruik om sekere voordele by die voorvaders te beding.

Voorbeelde hiervan is dat skedels ingemessel word in die fondamente van nuwe winkels om goeie sake te verseker, of dat organe begrawe word in 'n land of avokadoboord om goeie oeste op te lewer. Of nog ander dienste wat verlang mag word.

As deel van die politieke strategie is daar die laaste jaar en 'n half geweldige druk op die tuislandregering geplaas om dié soort bygelowigheid met wortel en tak uit te roei. Hier rondom is daar dan verskeie figure uitgewys as sou hulle betrokke wees hierby, en só groot was die openbare druk dat hulle bedank het as sou hulle reeds skuldig bevind gewees het.

Want ook dit is waar: as daar gesê word dat iemand by 'n muti-moord betrokke is, is dit so goed as bewys. Jy is skuldig die oomblik wanneer gesê word jy is skuldig.

***'...as daar gesê word dat iemand by 'n muti-moord betrokke is, is dit so goed as bewys. Jy is skuldig die oomblik wanneer gesê word jy is skuldig.'***

'n Wonderlike voorbeeld hiervan duik in die dorpie hier bokant my op op die berg op. Daar is ongelukkigheid oor die kaptein (miskien kom dit van ver af, miskien is dit swart politiek, miskien is hy net gewoon 'n slegte kaptein - wie sal kan sê?) en allerlei spannings, veral rondom die skoolkinders en jongmense.

Die Saterdag na Goeie Vrydag kom twee van die kêrels uit dié dorp by my kuier, ook om 'n "Happy Easter" te kom haal. En dis die slag wat ek dink dat ek nou so uit die perd se bek die storie gaan hoor oor wat daar bo aan die gang is.

Nee, beduie Ronald, dis 'n slagte kaptein.

Hoekom? wil ek van hom weet, hopende dat ek 'n paar konkrete dinge van hom gaan hoor.

"Nee, die mense sê hy is sleg," vertel Ronald met oortuiging.




O, dis nie hyself wat so dink nie - dis "die mense".

Maar wat het hy gedoen, of nie gedoen nie, wil ek uitvind. Korrupsie, nepotisme, verryking? Of net gewoon slegtigheid, sodat die paaie verspoel en die water nie versorg word nie? Want dis die stories wat ek tot dusver gehoor het.

"Nee," verseker Ronald my, "hy was aandadig aan 'n muti-moord..." En daarmee word alle twyfel oor die man se skuld uit die weg geruim. Met so 'n verskuiwing van die aanklag staan hy geen kans nie.

Ek vra vir Ronald of hy dit glo. Ja, kom dit van hom en sy maat, nog op skool. En as ek vra hoekom hulle dit glo, kom daardie antwoord wat my altyd stom laat: omdat die mense so sê.

Ek ken vir Ronald al drie jaar, het gehelp met sy skoolganery en meen dat hy kan help om alternatiewe waardes in sy gemeenskap in te dra. Een van hulle is dat 'n man nie skuldig is totdat hy skuldig bewys word nie. Ons het al baie daaroor gepraat, en doen dit weer.

"Where is the proof? What evidence is there?" pleit ek by hom. Hy trek sy skouers op, want dis eintlik 'n lawwe vraag: die mense sê mos, en hulle sal nie sê as dit nie so is nie.

"You must ask them for evidence," probeer ek, maar sy oë rek groot en hy skud sy kop.

"No," verklaar hy beslis, "No, because if I do that, they will kill me too."

Ek bly stil, soos mens baie hier stilbly, en miskien raak iets tog vir hom ongemaklik. Want met 'n skuif wat ons kwasi-gesofistikeerde Westerse logika nie kan volg nie, vervolg hy triomfantelik: "There was also a witch in the village!"

Maar dis die storie vir volgende keer...

(*Fanie Olivier* is 'n professor in Afrikaans aan die Universiteit van Venda)

*Vrye* Weekblad

## Groote Schuur

Dit lyk asof die samesprekinge tussen die Nasionale Party-regering en die ANC 'n goeie begin kon gewees het vir wat sekerlik 'n lang pad na 'n onderhandelde skikking gaan wees.

Wat veral bemoedigend is, is die aanduidinge dat daar 'n basiese begrip vir mekaar se probleme is en 'n wedersydse aanvaarding van goeie trou.

Dit lyk asof die emosionele element - Afrikaan en Afrikaner wat albei hartstogtelik aan die bodem verknog is - ook nie uitgebly het nie.

Dit is goed so. Dit kan die toekomstige gesprekke makliker laat verloop.

Dit was eintlik hartseer om die twee afvaardigings voor Groote Schuur te sien staan voor die gesprekke begin het.

Soveel bloed is al gestort en soveel pyn verduur om juis by dié punt uit te kom.

'n Mens kan nie help nie om te dink: Het die wit regering maar na die ANC van hoofman Albert Luthuli geluister toe hy hulle om samesprekinge gevra het; het die Nasionale Party maar die uitnodiging van die ANC na die Volkskongres in 1954 aanvaar waar die Vryheidsmanifes aangeneem is; het die regering maar wakker geskrik toe die bloed in 1976 begin vloei het.

Maar ten minste het ons nou die punt bereik waar wit en swart om 'n tafel gaan sit het.

Ons as 'n land en nasie durf nie dié kans op vrede verbeur nie, wat ook al die struikelblokke.

Ons hoop die leiers in die twee afvaardigings besef dit.

Die moeilikste deel van die pad lê egter voor: die twee partye moet nou hul mense saamvat op die pad wat onvermydelik na 'n volle demokrasie moet lei.

Meer as dit: die regeringsleiers moet deernis hê met dele van die ANC se gevolg wat deur 'n seisoen van onderdrukking en bloedvergieting bitter en agterdogtig geword het. As die ANC nie die grootste deel van sy huidige gevolg saamvat nie, lê daar probleme voor.

Die ANC moet weer deernis hê met die regering se probleem met regse blankes en regse vrese vir meerderheidsregering.

Eintlik het ons 'n saal vol Salomo's nodig.

## Moordbendes

Vrye Weekblad publiseer dié week verdere onthullings van nóg 'n lid van die Weermag se Burgerlike Samewerkingsburo wat deel gehad het aan politieke moorde en terreur.

Soos sake nou staan, sal die meeste van dié man se bekentenisse nie deur die Harms-kommissie ondersoek word nie, omdat die gruweldade buite die land se grense gepleeg is.

Dié aangeleentheid raak nou onhoudbaar en tas die ganse geloofwaardigheid van die Harms-kommissie aan.

Ons wil weer eens 'n ernstige beroep op staatspresident FW de Klerk doen om die opdrag van die kommissie te verbreed.

En as hy nie wil nie, wag die land op regter Harms om daarteen te protesteer.

## Die pers

Ons het 'n versekering van ons kollega van die Weekly Mail gekry dat hy inderdaad nie ten gunste is daarvan dat alle koerante in Suid-Afrika aan gemeenskapsorganisasies behoort nie.

Ons kollega sê ook sy aanmerkinge soos dat koerante verbied behoort te word om advertensies te plaas, was bedoel om "contentious" te wees en "to provoke debate".

Dit het hy sekerlik reggekry.

Dat die Weekly Mail nou skaam-kwaad is oor ons en ander se reaksie op die uitlatinge, is moontlik vir hulle 'n les: Sê presies wat jy bedoel en wat jy dink, en staan dan daarby.

## *So sê hulle...*

**"Per definisie** moet daar van die rykes weggeneem word in die sin dat 'n toekomstige staat beheer verkry van sleutelfaktore. Dit beteken nie dat dit sonder enige vorm van vergoeding sal geskied nie." - Joe Slovo in 'n media-onderhoud.

**"The very people** who constitute membership of Inkatha are ordinary men and women who are suffering under apartheid. The struggle we are waging is also the struggle for their freedom." - Patrick Lekota, die ANC se Natalse koördineerder.

**"Ek dink** hy is dood, of wat dink julle? - Eugene Terre'Blanche op 'n vraag oor wat hy van Hitler dink.

**"Op dié historiese oomblik** wil die ANC egter uitdruklik verklaar dat ons blankes as volle Suid-Afrikaners en medeburgers beskou met wie ons die toekoms sal bou." - 'n ANC-verklaring in Afrikaans wat op die vooraand van die samesprekinge uitgereik is.




## BRIEWE

# Hambidge en die Bybel: die hoop beskaam

**Jo Nel van Pietersburg skryf:**

Die opskrif "Hambidge, Hambidge en nogmaals Hambidge" (Vrye Weekblad, 6 April 1990) laat 'n mens alreeds twyfel of hier 'n gebalanseerde, erudiete stuk kom. Maar 'n mens lees voort, want die hoop beskaam mos nie.

In die Bybel lees 'n mens van 'n aantal dinge waaroor die skrywer van die betrokke stuk (Spreuke 30:18) verwonderd staan: 'n arend in die lug; 'n man met 'n meisie (hieroor wonder ek ook dikwels); en nog 'n paar ander dinge.

Wel, die skrywer van die Bybelstuk sou vandag ook verwonder gestaan het indien hy Andries W Oliphant se resensie van die vermaarde Joan Hambidge se digbundel "Donker Labirint" gelees het.

Agur sou waarskynlik by die woorde: "die soveelste (digbundel) binne enkele jare" stilgestaan het. Na diep bepeinsing sou ou Agur besluit het dat die woorde 'n aanklag teen Hambidge is. Agur sou dan voel dat sy gevoel bevestig is deur die gebruik van sulke woorde soos: "kwalitatiewe wanverhouding" en "hoe dit (haar digkuns), teen wil en dank, onveranderd bly".

Natuurlik sou Agur dink dat die volgende paragraaf meer positief is. Helaas, Hambidge word hier van onoorspronklikheid beskuldig. En Agur sou miskien flou word indien hy gelees het dat Robert Burns (sic) "Anatomy of Melancholy" geskryf het. Wee, sleekit, cowrin, tim'rous, beastie!

Verder het Oliphant dit teen Hambidge se "toutologie" en wys hy hoe sy kan besnoei - 'n voorbeeld wat egter nie werk nie aangesien Hambidge se lesers (en daar is Hambidge-lesers, soos wat daar Vrye Weekblad-lesers is) nie sal kan insien hoe Oliphant se voorstel enigsins die gedig sal kan verbeter nie. Oliphant noem dat in die titel van die bundel kom beide die woorde "labirint" en "donker" voor. Wat die beswaar is, weet ek nie omdat die twee woorde nòg sinonieme is, nòg mekaar impliseer. Die Versaille-labirinte is immers nie donker nie, maar is nogtans doolhowe.

Maar Oliphant se onderrok hang heeltemal uit as hy skryf: "Herhaling is dalk die rede vir haar indrukwekkende produktiwiteit."

Contradictio in terminis, to say the least. En verder ook totaal onoorspronklik. Ek wil al gil as ek 'n resensie oor Hambidge lees en die ou argument word gevoer: sy is té produktief. Blake, Wordsworth en Milton sou maar 'n rowwe tydjie deurgemaak het indien hulle nou vir die volk sou geskryf het.

Maar - en ek erken dat ek hier eintlik iets in die resensie "bylees" - iewers in my sê 'n stemmetjie dat Hambidge die sonde van alle sondes pleeg: Sy is nie betrokke by die strukkle nie.

Nee, mens-wees is die stryd wat sy aansê. Mens hier, mens nou, ek-mens. Dit is waaroor die digkuns gaan. Emosie, beheersd dog ongetem. Maar 'n verdwaalde Sowetotjie, of swart/groen/goud verwysings sal tog handig te pas kom, of hoe?

En as sy haar digbundels "Noodtoestand I", "Noodtoestand II" noem, dan behoort die Nobelprys vir Letterkunde binne haar bereik te wees. Nè?

## Lê ANC bloot

**Demokraat van Pretoria skryf:**

Ondanks pres FW de Klerk se prysenswaardige stappe van die afgelope maande, is dit sekerlik noodsaaklik om die regering se optrede steeds aan streng kritiek te onderwerp. Vrye Weekblad laat gewis nie na om dit te doen nie.

My probleem is dat u in gebreke bly om ook die ANC en sy bondgenote met dieselfde skerp ontleedmes bloot te lê. Ek noem twee voorbeelde:

In u uitgawe van 12 April val u vir dr Mangosuthu Buthelezi in krasse taal aan. U skryf onder meer: "In die nasionale politiek vind ons Buthelezi 'n verdelende faktor, 'n dubbelprater en 'n magsugtige politikus wat konfrontasie soek."

Daarenteen soek ek vergeefs in u blad na kritiek op Nelson Mandela, die man wat sê (swart) Natallers moet hul wapens in die see gooi; maar in dieselfde asem die voortgesette gewapende stryd van die ANC propageer. (Indien ek gemis het dat Mandela om bogenoemde redes as "'n verdelende faktor" en 'n "dubbelprater" bestempel is, my apologie.)

My tweede voorbeeld: Onder die opskrif "SA nou 'n skuilplek vir 'terroriste'" (Vrye Weekblad, 20 April) skryf u oor "Suid-Afrikaanse agente ... wat betrokke was in operasies en terreurdade waarin tientalle onskuldiges dood is."

Maar het u al ooit die ANC se terreur afgekeur? En waarom steek u die ANC se erkenning van hul marteling van andersdenkendes weg onder 'n powere opskriffie "ANC het gemartel"? (Let wel die aanhalingstekens, so asof dit net 'n bewering is.)

Verstaan my asseblief goed. Ek verdedig nie moontlike wandade deur lede van Inkatha nie. Ek sê ook nie Buthelezi is van alle blaam onthef nie. En ek vergeet nie dat lede van die veiligheidsmagte betrokke was by vreemde optrede nie.

Wel verkies ek om te wag vir die bevindinge van ons howe en geregtelike kommissies. Om hul bevindings vooruit te te loop, is in stryd met die goeie liberaal-demokraties beginsels wat ek graag in die nuwe Suid-Afrika sal wil sien.

Verder weier ek om my oë te sluit vir die afskuwelike dade van terreur wat oor baie jare heen deur die ANC gepleeg is. Soos die stukkend skiet van onskuldige kinders.

Ek weier om oorweldig te word deur "Mandela die Mens" - al is hy sonder twyfel 'n besondere man van statuur. Ook hy is geen engeltjie nie. Allermins.

Ek sou dus graag wou sien dat Vrye Weekblad sy gesonde kritiek 'n bietjie billiker versprei. Dis regtig jammer dat die toon en inhoud van u blad die indruk wek dat u ook maar in die slaggat van tendensieuse joernalistiek val.

## Kultuur-skatkis

**Hennie Kotze van Parktown-Noord skryf:**

Ek wil baie graag aansluit by 'n brief van Henry Oliphant (Vrye Weekblad, 30 Maart 1990).

Afrikaans is 'n lewende en aktiewe taal, en daarom is dit die "plig" van enige aspirerende (Afrikaanse) skrywer/digter om die taal ten volle te gebruik - dit ook uit te brei en die kultuur daardeur te verryk. Dit is hoogtyd dat 'n nuwe geslag van Breytenbachs/Brinks/Le Rouxs die kans gegun word om hul werk aan die publiek voor te lê. Ek weet hulle is almal daar, hulle is net te stil. Net so is dit julle "plig" om diegene wat bereid is 'n plekkie in Vrye Weekblad te gee.

Ek wil ook aan uitgewers 'n versoek rig om skrywers/digters aan te moedig deur publikasie te vergemaklik. Letterkundetydskrifte (byvoorbeeld) is 'n magtige medium, maar weer eens word dit verstomp deur sensuurrade (met lede wat steeds Middeleeuse waardes het) en die feit dat relatief min mense dit lees.

Daarom moet "alternatiewe" Afrikaanse koerante soos Vrye Weekblad - wat 'n groot getal lesers het - 'n poging aanwend om die situasie te verbeter.

Afrikaans is 'n wonderlike taal. Afrikaanse prosa en poësie is 'n juweel in die kultuur-skatkis - ons mag nie toelaat dat sy skitter verdoof nie.

***Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113.***

# Nelson op Afrikaans en Eugene op Engels - wat is volgende?

DIE Afrikaanssprekende wat nie Woensdag geroer is nie toe die ANC se vise-president, Nelson Mandela, 'n deel van sy toespraak voor Groote Schuur in Afrikaans afgesteek het, het nie 'n hart nie.

(Beeld se verslaggewer berig só daaroor: "Mnr Mandela het daarna self 'n toespraak gehou. Dit was grotendeels in Engels." Dis soos Nixon wat voor verslaggewers op die water gestap het en toe die volgende dag die opskrifte moes lees: Nixon kan nie swem nie.)

Bittergal se hart het goed gevoel om op TV te kyk na die twee spanne wat daar staan voor hulle om 'n tafel gaan sit het. En om FW te hoor op Afrikaans skerts met Joe Slovo.

En volgens eerste getuienis het die manne en vroue (daar's nie eens een vrou aan die NP-kant nie!) mekaar regtig begin vind nadat die ys eers gebreek is met die eerste rondte van gesels.

Ja. Dit gaan goed gaan met ons, al is die pad lank en swaar.

Wat 'n kontras was dit nie om die ou klomp suur moere van die KP met hul stywe boude te sien uitstap uit die parlement nie!

* Julle mis die boot, broers!

## 'n Dooie witman

En daar slaat die Baas van die Boervolk die Rooitaal.

Vrinde, julle moes Woensdagaand vir Eugene Terre'Blanche oor Radio 702 gehoor het. Op Ingils. As hy 'n hot potato gehad het, het hy hom in sy mond gesit. So nou en dan 'n glipsie soos "you was present", maar in elk geval stukke beter as Roelfie Meyer.

Ten years ago I could not spell revolutionary and now I is one.

Hy sal dat 'n mens nuwe respekte vir hom kry.

Maar soos Brolloks se oupa gesê het: al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly maar nog 'n lelike ding. Engels of Afrikaans, Terrie bly maar strooi praat.

Soos oor wapens. "Every Boer is an armed man," seg hy. "We are members of the forces, of the commando's. We are farmers, we are hunters, we are fighters. To be a white man in this country without arms is to be a dead man."



BROLLOKS EN BITTERGAL

Nee wat, broer. In Brolloks se boek dra net bang Boere wapens. En die doodste Boere wat Brolloks ken, is dié wat so op strepe elke jaar hul gesinne en hulself met hul vreeslike wapens aan stukkies blaas.

Van die taaiste, dapperste en trotste Boerseuns wat Brolloks ken, het geweier om diensplig te doen en die wapen teen hul landgenote op te neem. Saamstem of nie, dís mos nou guts.

Terrie hou ook sommer sy lyf Oom Paul Kruger. "The ANC is not interested in any form of power sharing. They are not interested in scrapping apartheid. What they really want is my country." Die enigste probleem is dat Oom Paul sy stukkie oor die Uitlanders gesê het, en nie oor mede-Suid-Afrikaners nie.

* Het Terrie dalk 'n sin vir humor? Toe die 702-meisie hom vra wat dink hy van Hitler, antwoord hy: "I think he is dead. What do you think?"

## Neef Gatsha

As regdenkende Suid-Afrikaners nog gewonder het oor hoofman Mangosuthu Buthelezi, moet hulle dalk nou hulle minds opmaak.

Kyk wat se vriende het die man: Hennie Muller, leier van die verregse Blanke Veiligheid, sê hy het groot respek vir dié Zoeloe-leier en hy sal selfs nie omgee om self by Inkatha aan te sluit nie.

* Aan jou vriende sal jy geken word...

## Pyn in die nek

Brolloks se kollega ontmoet dié week van die Australiese en Nieu-Seelandse televisie-spanne wat hier is om 'n program oor die regses te maak en oormekaar val om die meeste onderhoude met Eugene Terre'Blanche te voer.

"Terre'Blanche is the only politician in South Africa with political impact," verduidelik een van die Australiërs. "Lets face it", sê hy. PW was "f... stupid" en Barend du Plessis is "f... boring".

Dit is kort nadat hy Terre'Blanche gegroet het met 'n: "Hi, you freedom fighter".

Die span verduidelik verder dat hulle die regses bo die onderhandelinge verkies weens die "aanvraag" in Australië en die feit dat hulle vyf jaar laas visums kon kry om die land te besoek.

Toe Brolloks se maatjie sê dat ons ook nie Australiese visums kan kry nie, was sy antwoord: "Yes, but you have apartheid."

* Wil julle nie maar teruggaan na julle f... boring eilandjies nie, kamerade? Ons kan doen sonder julle soort.

## MK dril op Welkom...

Sondagaande, as die Vrystaatse son rooi oor die reguit horison sak, sien jy glo deesdae stofwolke opdwarrel tussen die vlae lokasierook.

Of Sondag nou biddag is of nie, dit is die uur waarop die blanke inwoners na hulle wapens gryp en die woonbuurte begin patrolleer.

Want kyk, sê hulle, as Umkonto we Sizwe nou al op munisipale grondgebied met hulle AK47's begin dril, dan moet ons doodseker maak hulle kom nie naby ons vroue en kinders nie.

Nòg die munisipaliteit nòg die polisie van die plek weet van die beweerde MK-oefeninge. Maar hulle weet van die vigilante-patrollies wat deur sekere inwoners van die blanke dorp onderneem word.

Die AK47's, het Brolloks se kollega self gesien, is tuisgemaakte houtgewere waarop die naam van die berugte Russiese aanvalsgewere in helder letters geverf is. Maar van dril in die stof op Sondagaande het die township-inwoners nog nooit gehoor nie.

* Nog 'n "urban legend?"

## Die mense wonder...

* Of dit toeval is dat die saak waarin Winnie Mandela se naam genoem word in verband met die moord op kameraad Stompie, op dieselfde dag begin het as die onderhandelinge tussen die ANC en die regering?

* Aan wie se kant regter Louis Harms nou eintlik is? As 'n mens kyk na sy ongewone aggressiwiteit en onsmaaklikheid teenoor almal wat getuig dat hulle deel was van die polisie se moordbendes, dan wonder 'n mens of hy en die polisie se arrogante advokaatjie, Sam Maritz, nie maklik plekke kan ruil nie.

* Of die ANC nie 'n slag sy man in Natal, Harry Gwala, moet vasvat nie? Dié man is 'n klipharde ideoloog wat aanmekaar oorlogspraatjies praat en selfs dié week gesê het die krygshere van Natal gaan ná 'n ANC-oorname voor 'n vuurpeloton sterf.

# Vrinde, Egbertus bevind hom in 'n droom

VRINDE, Egbertus bevind hom in 'n droom, dit kan nie waar wees nie, beoordeel die feite maar self. Mis swoep om hierdie gentle soul soos warm lug wat uit Magnus PI se edele hoof ontsnap telkens wanneer hy sy verspotte hoedjie lig.

Harms-kommissies spook om my met premature bevindings en eensydige tussenwerpsels. Miesies Klaagvoort kom deur die hemelruim aangevlieg op 'n vark. Die vark se naam is Pigasus. Hy stel nie belang in die politiek nie en lees nie dié rubriek nie, dus kan ons hom voortaan ignoreer. Die vraag ontstaan dus: wat de hel gaan aan?

Die antichris woo die Skoon Administrasie in 'n bisarre versoeningstryd terwyl Cosatu die strydbyle wat die ANC so plek-plek begrawe het, suutjies oopkrap om vrede mee te verower. Adriaan Vlok sit in die regering se onderhandelingspan. Gatsha Buthelezi gaan sy naam verander. Al dié dinge is waarskynlik verdigsel; die mees geloofwaardige van die lot is Miesies Klaagvoort se vlug op die geprivatiseerde lugredery.

Dis hoe vreemd ons samelewing geword het: dié snaaksighede gebeur daagliks, soos in die wildste nagmerries, en ons aanvaar dit as deel van die dag se verveling. Iewers is daar 'n les te leer, wat dit ook al mag wees.

## Groote tent

Die geselsies in die tent by Groote Schuur klink tog te gesellig. Gelukkig word dit gebill as die belangrikste gesprekke van ons geskiedenis, as jy nou die onderhandeling tussen Van Riebeeck en die Griekwas uitsluit. Seg Moeder sy kan die geskiedenis haar nie laat verbygaan nie, sy moet net eenvoudig een van die onderhandelingspanne join. Moeder se mense was hoeka Joiners, die geskiedenis loop sterk in haar gene.

Iedergeval, julle weet waar Moeder staan in die politiek, en haar besondere siening van die toekoms word nie by die huidige samesprekings verteenwoordig nie. Seg sy sy sal dan maar by die ANC se spannetjie aansluit, dan voel sy ten minste jonk in hul geledere.

Is dit dan nie so dat so een of twee van die afvaardiging binnekort hul honderdste verjaardae vier nie? Was dit nie vir Cheryl Carolus nie, was die gemiddelde ouderdom van die ANC-span straks oor die tagtig. Ek sê mos, soos die koning ook nou die dag, wysheid word nie in 'n dag of twee verwerf nie.

## Inkatha in the sky

Terwyl die wêreld se oë op die gesprekke gevestig is, stap die voorspelbare doktor Treurmare soos 'n Pied Piper met sy volgelinge die parlement uit. Dit was 'n flater, Oom, daardeur het jy die gedoente mos erken. En trek tog die magie in wanneer jy so voor die kameras verbyloop nè, mens wys tog nie jou salarisverhoging so blatant nie.

Anyway, daar sit die kosbare siele en vertel mekaar hoe hulle mekaar al die jare verkeerd verstaan het, en wat gaan intussen in Ulundi aan? Tienduisend Inkathas stuur 'n opmars van stapel, na die kwaaiZulu polieste nogal, om 'n petisie of 'n ding te oorhandig wat sê hoe wonderlik die polieste nou juis is. Voorwaar vreemd, like carrying coals to Newcastle.

Het 'n regter dan nie nou die dag aangehoor dat kwaaiZulu se polieste by Inkatha moet aansluit nie or else? Nietemin, 'n pragtige gebaar. Maar tog so boring.

Toe word die natuurwette deur 'n hoër hand in werking gestel, so 'n soort Inkatha in the sky. Ja geliefdes, 'n swerm bye sak toe neer op die public-spirited siele en piets hulle van 'n kant af.

Vir 'n oomblik dog hulle nog dis hulle geliefde polieste wat instinktief die sambok aangryp. Dit was 'n vreeslike rondstekery.

## Veelsydige president

Vrinde, 'n sappigheidjie wat nie vreeslike exposure gekry het nie, is die onlangse debat in die parlement oor die stemreg en die kieserslyste, dalk selfs dosyne van hulle. Die Grondboonwetlike guru van die Skoon Administrasie meen glo 'n gemeenskaplike kieserslys is nie aangewese nie. Nou klink dit mos na ou nuus, of hoe?

Toe kom die Grote Grondboon self onder Madam De Klerk se skadu uit en vertolk die guru se wyshede. 'n Veelsydige president dié, dit double sommer up as 'n persoonlike tolk ook.

Wat die guru bedoel het, seg dit, is dat daar verskeie kieserslyste moet wees. Haai Oom, bedoel jy dan soos met 'n driekamer-parlement? Seg Moeder het sy dan nie al van so 'n dierasie gehoor nie, dalk tydens haar spioenasie-bedrywighede? Moeder se fakulteite is effens stram so in die kòue, seg sy dit voel asof die winter snags by haar in die bed klim. Seg Oswald nou wie anders sou dit waag?

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

## Slow motion

Die Koeksistergilde is die afgelope ruk sleg op die agtergrond gedwing deur gebeure soos die byderwetse teleskoopgedoente wat die ruimte ingestuur is, en die groote geselsies by Groote Schuur, en die rugby.

Seg Moeder die ou oge is sat, sy kan nie meer die vinnige bewegings soos Magnus PI se eierdanse volg nie. Daarom kyk sy deesdae maar net rugby wanneer die wit WP-span speel, wys hulle dan nie dié mense die hele tyd in slow motion nie?

Iedergeval, om die Gilde in sy volle glorie te herstel, word daar nou na die advertensiewese gekyk.

Saatchi en Saatchi, daardie towenaars wat selfs vir Miesies Thatcher aantreklik kon laat lyk, gaan die Koeksistergilde nog na 'n vreedsame organisasie laat lyk, wag maar en sien self.

Oswald is al ure lank besig om Miesies Klaagvoort se hare in 'n simboliese Afrikaanse styl op te doen vir die kameras. 'n Vrugteboord van 'n haarstyl, soos 'n rangskikking met Thanksgiving.

Seg Oswald hy sukkel net met die Mangos; hulle gaan glo bananas. Sou Egbertus iets daarmee te doen gehad het?

## Wensdenkery?

Vrinde, het julle nou die dag reg gehoor? Madam se man het in die hoge huis hulde gebring aan al sy flexible voorgangers, almal van hulle nou sadly afgestorwe.

Haai? Het die stomme siel dan vergeet of het hy hom oorgegee aan die wensdenkery?

Die Volkslied, soos iemand dit gestel het, is nou wel uitermate stil, maar hy is nog bo die grond. Maar dan is dit seker die stoffasie waarvan flexibility gemaak is.

Bl 23: Comrades baie glans kwyt

## Buksie van Soweto dalk reg vir Brian, maar ...

# WBA staan in Dingaan se pad

Berigte deur TINUS HORN

DIE Wêreld-boksvereniging (WBA) se beleid om geen Suid-Afrikaner op sy ranglyste toe te laat nie, sal verhinder dat Dingaan Thobela binnekort 'n kans kry om 'n uitdaging aan sy landgenoot Brian Mitchell om sy junior liggewig-titel te rig.

Die WBA gaan Suid-Afrika se posisie glo binnekort heroorweeg maar soos sake nou staan, is Thobela se kans op 'n titelgeveg nul.

Mitchell se welslae is al wat tot dusver 'n algehele WBA-boikot teen Suid-Afrika verhinder het.

Dit wil dus lyk asof Thobela se heil vir eers by die onbenullige Wêreld-boksorganisasie (WBO) lê.

As sy maklike oorwinning oor die WBO se liggewig-kampioen, die Mexikaan Maricio Aceves, verlede naweek in 'n nie-titelgeveg enige aanduiding is, is die titel Thobela se voorland.

Waar Aceves die titel vandaan kry, weet nugter. Hy het glad nie na 'n kampioen gelyk nie en as hy nie aan die begin van die agtste ronde besluit het om in sy hoek te bly nie, sou Thobela hom waarskynlik uitgeslaan het.

Die buksie van Soweto se skittervertoning het boksgeesdriftiges opnuut laat wonder hoe hy teen Mitchell sou vaar.

Hoewel hulle al teen twee gemeenskaplike teenstanders geboks het, is enige direkte vergelyking wat op hul vertonings in dié gevegte gegrond is, misleidend.

Thobela se kamp is vinnig om te sê dat hy Danilo Cabrera én Felipe Orozco uitgeslaan het, terwyl Mitchell met punte-oorwinnings tevrede moes wees.

Dié uitslae dui eerder op 'n verskil in die boksers se benadering as in hul vermoëns.

Mitchell is 'n bokser wat sy teenstanders moeg baklei en deurentyd punte insamel, terwyl Thobela - wat self oorgenoeg krytvernuf het - harder slaan en altyd 'n gaping vir 'n uitklophou soek.

Mitchell wen die meeste van sy gevegte met punte; Thobela is besig om in 'n uitklop-spesialis te ontwikkel.

Wat niemand kan ontken nie, is dat Thobela veel beter teenstand sal bied as 'n hele paar van die oorsese teenstanders wat Mitchell die afgelope paar jaar gepak het.

Selfs Jackie Beard, wat die voorste aanspraakmaker op Mitchell se titel was voor hul geveg 'n maand gelede, sou stellig nie teen Thobela staande kon bly nie.

Dit is opmerklik dat Thobela min enkelhoue slaan en eerder met hoogs doeltreffende kombinasies aanval.

Dit is wat kampioene van goeie probeerders onderskei.

Wat 'n mens nie uit die oog moet verloor nie, is dat Thobela deesdae meesal as liggewig in die kryt klim. Sal hy die oortollige massa kan afskud om weer as junior liggewig te baklei en indien wel, hoe sal dit sy vertonings beïnvloed?

Of Rodney Berman bereid sal wees om Mitchell se goeie rekord teen 'n vegter van Thobela se gehalte op die spel te plaas, is ook 'n ope vraag.


Dit sal dalk nie raadsaam wees nie.

Soos Thobela lyk Nika Khumalo bestem vir groot dinge.

Verlede naweek se uitklop-sege oor Kenny Vice was een van die indrukwekkendste vertonings van sy loopbaan.

Khumalo se aggressie verseker dat sy gevegte altyd groot opwinding oplewer en hy kan een van Suid-Afrika se grootste trekpleisters word.

Vice is vanuit die staanspoor op die agtervoet gedwing en het veel minder telhoue as Khumalo geplant voordat hy met 'n allemintige regter uitgeslaan is.



Brian Mitchell

## Frost breek droogte



**DIE wendroogte is gebreek. David Frost se sege in New Orleans verlede week was sy eerste vanjaar op die Amerikaanse toernooireeks, en die manier waarop hy dit vermag het sal toeskouers en TV-kykers nog lank bybly.**

**Hy het die bal met 'n bykans onmoontlike plofhou uit die sandkuil in die putjie laat rol vir 'n voëltjie drie op die agtiende, wat aan hom 'n oorwinning met 'n enkele hou oor Greg Norman besorg het.**

## Selfs gelapte OVS lyk te sterk vir Transvaal

NATAL se rugbyspan het verlede naweek gewys hy gaan vanjaar 'n bedreiging vir Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie inhou. Ná môre sal ons weet wie van Transvaal of die Vrystaat saam met die bogenoemde drietal gereken kan word.

Hulle pak mekaar in hul eerste Curriebekerwedstryd van die seisoen in Bloemfontein en die verloorder sal moeilik van so 'n vroeë terugslag herstel.

Die Vrystaters het tot dusver vanjaar veel beter as Transvaal vertoon en hom oortuigend in die eindstryd van Yardley Gold se aandreeks geklop. Op grond hiervan moet hy beslis as die gunsteling beskou word.

Die Blikore sukkel egter kwaai met beserings en môre se wedstryd sal wys of hulle die diepte het om dié probleme te oorbrug.

Hulle gaan veral vir Henry Honiball mis.

Dié jong speler het hom binne twee jaar as een van die opwindendste losskakels in die land gevestig en is 'n belangrike wapen in die Vrystaat se arsenaal.

Helgard Muller neem die nommer 10-trui by hom oor. Hy is 'n ervare speler wat al in die verlede goeie spel op losskakel gelewer het, maar dit bly 'n waagstuk om 'n man uit sy gereelde posisie te kies.

Op dié vlak kry 'n losskakel nie altyd die kans om te dink nie; hy moet instinktief die regte besluite neem. Dit is veel gevra van iemand wat nie aan 'n posisie gewoond is nie.

Albei spanne moes noodgedwonge veranderinge aan hul agttalle aanbring. Vir Transvaal kan die onttrekking van Broodwa Oberholzer 'n bedekte seën wees. John Mitchell, wat by Wits in die skadu van Steve McFarland speel, is moontlik die beste haker in Transvaal. Nou kry hy die kans om dit te bewys.

Dit lyk in elk geval of Transvaal se haker-probleme op 'n end is, met die nuus dat Harry Roberts terug is uit Engeland. Geen provinsie wat 'n keuse tussen spelers soos Roberts en Mitchell het, kan kla nie.

Op Loftus kry Noord-Transvaal stellig vanaand twee pasella punte wanneer hy Noord-Vrystaat pak.

Die Perstruie beleef hul swakste seisoen in jare en dit sal 'n groot verrassing wees as hulle die Ligbloues vir 'n oorwinning laat sweet.

Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA



*Vir die teaterliefhebbers wat die Black Sun mis is daar nou Teater Voltaire: hul jongste aanbiedings (Sondagaand 6 en 13 Mei) is Ian Fraser se "In Search of Stoffel Botha's Brain", "Dead Technology" deur Melinda Ferguson en Megan Choritz, asook Neil X en Pierette se "Stoutstokkies". Dié nuwe teater word gehuisves in die Junction-nagklub, h/v Claim- en Breestraat, Johannesburg en opvoerings begin 7-uur. Toegang R5.*

# Vir Volk en filmbedryf

## *'n SA prent waaroor ons ons nie hoef te skaam*

***Die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf is dood. Lank lewe die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf. Die eerste amptelike vertoning van die rolprentweergawe van "The Fourth Reich" wat verlede jaar as 'n mini-reeks met die werktitel "Operation Weissdorn" plaaslik verfilm is, het 'n mens weer hoop gegee vir 'n Suid-Afrikaanse rolprentbedryf. Met Manie van Rensburg as regisseur en Marius Weyers, Ryno Hattingh, Ian Roberts, Elize Cawood en Grethe Fox in die hoofrolle, is die prent gegrond op Hans Strydom se "For Volk and Führer: Robey Leibbrandt and Operation Weissdorn". ANDREA VINASSA het met die prent se vervaardiger, David Selvan, gesels***

MET die herskryf van Suid-Afrika se tragiese geskiedenis sal baie simboliese bloed nog gegiet word. En, anders as in die Anglo-Boere-oorlog, waar daar net twee spelers was, is die omvang van die debat oor wie se geskiedenis dit nou eintlik is, wie die skurke was en wie die slagoffers, nou heelwat wyer.

Nou speel almal van die Pan Africanist Congress, die African National Congress, die wit liberale, die Nasionale regering, die Afrikanerweerstandbeweging tot die Boerestaatparty saam in die herkonstruering van die verlede.

Juis nou verskyn talle TV-produksies - "Barney Barnato", "Meester", "Arende" en sy opvolgreeks, "Veldslag", "Adam", "Heroes" - oor belangrike mylpale in die geskiedenis van wit Afrikaners op die kassie of word dit verfilm.

Dit is veral betekenisvol, met die herlewing van ekstreme regse sentimente kompleet met die ikonografie van neo-Nazisme, dat 'n prent soos "The Fourth Reich" nou voltooi is.

Die prent, wat tydens die Cannes-rolprentfees as reeks en vollengte prent verkoop gaan word, handel oor die Suid-Afrikaanse boks-kampioen Robey Leibbrandt se mislukte poging om die premier, Jan Smuts te vermoor. Leibbrandt is tydens sy deelname aan die 1936-Olimpiese spele deur die Hitler-regering gekoöpteer en as Nazi opgelei. Hy sou aansluit by bestaande regse magte - die Ossewa-Brandwag - en die leiding neem in 'n staatsgreep deur Jan Smuts eers om die lewe bring. Sy pogings het misluk danksy die vernuf van 'n polisieman - Marius Weyers speel Jan Taillard - en omdat die Ossewa-Brandwag hom nie in hul midde verwelkom het nie.

### *Rommel*

Die verhaal is nie net 'n eienaardige detail in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie: "Dié gebeurtenisse is intrinsiek interessant vir die hele wêreld. 'n Staatsgreep sou direkte militêre implikasies gehad het," sê David Selvan, 'n Suid-Afrikaner wat in Londen woon.

As Jan Smuts nie besluit het Suid-Afrika moes aan die Tweede Wêreld-oorlog deelneem nie, sou Rommel dalk 'n oorwinning in Noord-Afrika behaal het en die koers van die oorlog heelwat anders laat verloop het. Het die Nazi's 'n vastrapplek in Suider-Afrika gekry, het hulle oor belangrike metale in die vervaardiging van wapentuig beskik.

Toevallig was dit die einste Jan Taillard wat die geledere van Nazi-ondersteuners in Suidwes-Afrika geïnfiltreer het en 'n staatsgreep dáár onderskep het. Taillard is later gestuur om Smuts se sluipmoordenaar uit te snuffel.

Dit klink soos 'n romantiese cliché... maar "The Fourth Reich" is die produk van genuanseerde denke en 'n poging om die amnesie en vooroordeel rondom aspekte van die geskiedenis op te hef sonder om valse helde en valse skurke te skep.

### *Nazi-ondersteuners*

Die werklikheid is eintlik veel interessanter as die verhaal wat op die silwerdoek uitgebeeld is: "Die waarheid wat vir die werklikheid geld, is nie noodwendig waar vir 'n rolprent nie." Jan Taillard het 'n staatsgreep in SWA verhoed deur hom aan te sluit by 'n klomp Nazi-ondersteuners en tydens 'n dronkspul deur 'n laai gekrap en die hele lys gekry. Toe hy vir Leibbrandt probeer opspoor het, het hy toevallig langs Leibbrandt se minnares gaan woon. Die plaas is in die omgewing van Brits waar Smuts ook gewoon het.

Omdat die toeval soos 'n Hollywoodversinsel geklink het, moes Selvan-hulle die saak vir Taillard die rolprentkarakter heelwat bemoeilik.

"The Fourth Reich" is nie 'n "politieke" prent as sodanig nie, maar fokus op die interpersoonlike verhoudinge van die mense agter die grootse politieke gebeurtenisse. Taillard knoop 'n liefdesverhouding aan met Leibbrandt se minnares, Irna Dorfmann (Grethe Fox), waarop sy pro-Nazi vrou Romy (Elize Cawood) hom verlaat. 'n Mens ontmoet die wêreld stoei-kampioen Johannes van der Walt (Ian Roberts), Leibbrandt se hoofhandlanger wat die OB verlaat om hom by die rebellegroep aan te sluit.

### *Karikature*


Te oordeel aan die karikatuuragtige Afrikaners in al die buitelandse prente oor Afrikaners, voel regisseurs hulself seker verplig om Afrikaners as deurtrapte skurke uit te beeld. Selvan ondergrawe dié verksynsel deeglik deur aan Leibbrandt en sy sersante menslikheid te verleen.

Kritiek deur van ons meer geesdriftige ideoloë, dat "The Fourth Reich" 'n "pro-Afrikaanse" prent is - wat dit ookal mag beteken - doen die rondte.


Selvan sê die Afrikaners is doelbewus nie as kru karikature en gewetenlose fanatici uitgebeeld nie, want om die gevaar van regse ywer te vereenvoudig, is om dit te verontagsaam. "Daar is 'n ongelukkige, maar baie werklike opbloei in Frankryk, Duitsland (ook in Oos-Berlyn) van ekstreme nasionalisme." Supernasionalisme eindig gewoonlik in fascisme, sê hy.

"Ons het met die prent baie deurbrake

Vervolg op bladsy 3



*Charles Fourie se "Die Parrot Woman" en "Grot van die kaalkoppe" is nog tot môre-aand in die Mark-Teater se repetisielokaal te sien. Henriëtta Gryffenberg (bo) se vertolking van 'n Boere-vrou wat daarvan verdink word dat sy haar gesin vermoor het, is 'n kragtoer. Marlene Blom het die choreografie behartig van "Grot van die kaalkoppe", 'n ekspressionistiese uitbeelding van die magsverhouding tussen drie kaalkop-kêrels wat hulle in 'n grot afsonder om 'n lewenstyl wat bo materialisme verhewe is, te ondersoek.*



*'n Toneel uit "The Fourth Reich" waarin 'n nuwe rekruut by Robey Leibbrandt se rebelle ingelyf word.*

# Operasie Weissdorn: *genuanseerde denke gee die deurslag*

**'As jy in Suid-Afrika rolprente wil maak, moet jy kennis neem van die politieke situasie, jy hoef nie noodwendig 'politieke prente' te maak nie. Maar as jy die politiek uitsluit, verdraai jy die waarheid'**

*Vervolg van bladsy 2*

gemaak. Ek is trots dat ons nie die maklike weg gekies het waar goed en kwaad bloot teenoor mekaar gestel is nie.

"Dit was belangrik dat die verwikkeldheid van die lewe uitdrukking kry."

### *Jan Smuts*

'n Aspek van die prent wat my gepla het, is die uitbeelding van Jan Smuts as 'n vlekkelose held, asof hy geensins betrokke was by die instellings wat uiteindelik die naam "apartheid" sou kry nie.

"Smuts het die 1920-mynwerkerstaking onderdruk en het beslissend teenoor swart mense opgetree," sê Selvan.

"Alles moet in konteks gesien word. As 'n mens Smuts teen Liebbrandt ondersteun, beteken dit nie dat jy Smuts in sy handelinge met die oorspronklike inboorlinge ondersteun nie. Baie Afrikaners, nie net regses nie, het hom gehaat. Maar dié prent handel nie oor Smuts nie."

Daar is lank en hard beraadslag oor watter besonderhede van die geskiedenis die prent sou haal en een van die maatstawwe was Selvan se grondige kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis veral wat ekonomiese strominge en die vyandige verhouding van Afrikaner en Ingelsman betref. Smuts en die Britse koloniale magte se aandeel in die "apartheid-regime" val buite die grense van "The Fourth Reich".

### *David Selvan oor die kulturele boikot:*

"Ek was in Londen toe Johnny Clegg deur die anti-apartheidbeweging aangeval is en toe daar teen die Gracelands-toer betoog is. Word die belange van verplettering van apartheid gedien deur die boikot van Johnny Clegg? Kultuur gaan om die verkondiging van idees en die openbaring van nuwe idees. Apartheid word eerder deur die kulturele boikot gedien, maar ek sal nooit my idees op ander mense afdwing nie."

Anders as ander vervaardigers wat prente in Suid-Afrika maak, het Selvan die Film and Allied Workers Organisation, die ANC en die Cultural Desk geraadpleeg voordat hy voortgegaan het met die "Weissdorn"-projek. Enkele rolprentwerkers wat deur FAWO uitgesoek is, is op die stel opgelei.

"As jy in Suid-Afrika rolprente wil maak, moet jy kennis neem van die politieke situasie, jy hoef nie noodwendig 'politieke prente' te maak nie. Maar as jy die politiek uitsluit, verdraai jy die waarheid". 'n Delikate balans, met ander woorde.

### *David Selvan oor swart rolprentmakers:*

Selvan sien dit as meer as net sy plig om swart rolprentmakers op te lei, nie as politieke gebaar nie, maar ook uit persoonlike oorwegings vir die toekoms van die plaaslike rolprentwese. "As jy 'n swart storie wil vertel, moet jy saamwerk met swart draaiboekskrywers en swartmense in belangrike skeppende rolle."

Die bydraes van progressiewe Afrikaners soos Manie van Rensburg en Dewald Aukema was, te oordeel aan die egtheid van die eindproduk, deurslaggewend in die welslae van "The Fourth Reich".

Soos elke vervaardiger van geskiedkundige prente, moes Selvan en die draaiboekskrywer, Malcolm Kohll, worstel met vele dilemmas. Al was Selvan 'n groentjie, was hy heeltemal bewus van die gevare sou hy die prent oorgee aan die ongebreidelde magswellus van die gemiddelde Amerikaanse vervaardiger. Dus: 'n deur-en-deur Suid-Afrikaanse prent sonder inmenging van buitelanders.

Selvan meen dit is byna onmoontlik om 'n verhaal se integriteit te behou sonder die hulp van die mense waaroor dit handel.

"Daar is geen rede waarom Suid-Afrikaners nie die Australiërs kan verbystreef nie. Hulle het nie 'n soortgelyke ekonomiese ontwikkeling beleef nie. Ons geskiedenis is baie ryker as hulle s'n."

